- Om te voldoen aan die studiebehoefte en aspirasies van individue deur die ontwikkeling van hulle intellektuele vermoëns en aanleg reg deur hulle lewens. Hoër onderwys rus individue toe om die beste gebruik van hulle talente te maak, asook van die geleenthede wat deur die gemeenskap gebied word vir selfvervulling. Dit is dus 'n sleuteltoewyser van lewensgeleenthede en 'n belangrike medium om billikheid in die verspreiding van geleenthede en prestasies onder Suid-Afrikaanse burgers te bereik.
- Om die ontwikkelingsbehoefte van die gemeenskap aan te spreek en om die arbeidsmark, in 'n kennisgedrewe en kennis-afhanklike gemeenskap, te voorsien van die steeds veranderende hoë vlak bevoegdheid en kundigheid wat nodig is vir die groei en voorspoed van 'n moderne ekonomie. Hoër onderwys onderrig en lei mense op om

voorspoed van 'n moderne ekonomie. Hoër onderwys onderrig en lei mense op om gespesialiseerde maatskaplike funksies te vervul, om die geleerde professies te betree, of om loopbane in die administrasie, handel, nywerheid, wetenskap en tegnologie en die kunste te volg.

- Om by te dra tot die sosialisering van verligte, verantwoordelike en opbouend kritiese burgers. Hoër onderwys moedig die ontwikkeling van denkvermoë aan, asook 'n gewilligheid om heersende idees, beleid en praktyke, gebaseer op 'n toewyding aan die algemene heil, te hersien en te vernuwe.
- Om by te dra tot die skepping, die deel van en die evaluering van kennis. Hoër onderwys is betrokke by die nastreef van akademiese kundigheid en intellektuele ondersoek op alle terreine van menslike begrip, deur navorsing, studie en onderrig.

BEHOEFTE EN UITDAGINGS

1.4 In die waardebeplanning van die heersende status van hoër onderwys in Suid-Afrika teen die norm van hierdie vier algemene doelstellings en die beginsels soos geskets onder 1.17 hieronder, vind die Ministerie rede tot kommer en 'n noodsaak vir transformasie. Ten spyte van erkende prestasies en sterk punte, is die bestaande stelsel van hoër onderwys beperk in sy vermoë om aan al die morele, politieke, maatskaplike en ekonomiese eise van die nuwe Suid-Afrika te voldoen. Dit word gekenmerk deur die volgende leemtes:

- Daar is 'n onbillike verspreiding van toegang en geleenthede vir studente en personeel, geskoei op die grondslag van ras, geslag, klas en geografie. Daar is growwe teenstrydighede in die deelnemende getalle van studente van verskillende bevolkingsgroepe, onverdedigbare wanbalanse in die verhoudings van swart en vroulike personeel in vergelyking met blankes en mans, en ewe onhoudbare ongelykhede tussen histories swart en histories blanke inrigtings ooreenkomstig geriewe en kapasiteit.
- Daar is 'n chroniese ongelykheid tussen die produksie van hoër onderwys en die behoeftes van 'n ontwikkelende ekonomie. In besonder is daar 'n tekort aan hoogs opgeleide gegradueerdes in vakgebiede soos wetenskap, ingenieurswese, tegnologie en die handel (grootliks as gevolg van diskriminerende praktyke wat die toegang van swart en vroulike studente beperk het) wat nadelig vir maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling was.
- Hoër onderwys het 'n ongeëwenaarde verpligting, wat nie voldoende nagekom is nie, om te help om die grondslag te lê vir 'n kritiese beskaafde gemeenskap, met 'n kultuur van openbare debatvoering en verdraagsaamheid wat verskillende en mededingende belange akkommodeer. Dit het veel meer om te doen, binne sy eie inrigtings sowel as in sy invloed

op die breër gemeenskap, om die demokratiese etos, die gevoel van gemeenskaplike burgerskap en die verbondenheid tot gemeenskaplike welsyn te versterk.

- Terwyl gedeeltes van die Suid-Afrikaanse hoër onderwysstelsel kan aanspraak maak op akademiese prestasies van internasionale faam, handhaaf te veel gedeeltes van die stelsel onderrig- en navorsingbeleide wat akademiese isolasie en geslote-stelsel dissipline-programme voorstaan. Alhoewel veel gedoen word, is daar steeds onvoldoende aandag aan die dringende plaaslike, streeks- en nasionale behoeftes van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en aan die probleme en uitdagings van die breër Afrika-konteks.
- Die bestuur van hoër onderwys op 'n stelselvlak word gekenmerk deur fragmentasie, onbekwaamheid en ondoeltreffendheid, met te min koördinasie, min gemeenskaplike doelstellings en onbeduidende sistemiese beplanning. Op inrigtingsvlak word die demokratiese deelname en doeltreffende verteenwoordiging van personeel en studente in bestuurstrukture nog steeds op baie kampusse teengestaan.

1.5 Ten spyte van die negatiewe gevolge van die apartheidsfenis, het sommige hoër onderwysinrigtings internasionaal-mededingende navorsings- en onderrigkapasiteite ontwikkel. Hulle akademiese kundigheid en infrastrukture is nasionale bates. Dit sou tot nadeel van die nasionale belang en die toekomstige voorsiening van gehalte hoër onderwys wees indien die waardevolle eienskappe en prestasies van die bestaande stelsel nie geïdentifiseer, behou en in die herstrukturingsproses gebruik word nie.

1.6 Indien hoër onderwys egter tot die heropbouing en ontwikkeling van Suid-Afrika wil bydra en bestaande sentrums van uitnemendheid in stand gehou word, moet diestrukturele onbillikhede, wanbalanse en verdraaiings van die hede wat in die verlede ontstaan het, aangespreek word. Hoër onderwys moet getransformeer word om die uitdagings van 'n nuwe, nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese gemeenskap, wat toegewy is aan billikheid, geregtigheid en 'n beter lewe vir almal, te aanvaar.

Die beleidsuitdagings van transformasie, heropbouing en ontwikkeling

1.7 Die transformasie van hoër onderwys vorm deel van die breër proses van Suid-Afrika se politieke, maatskaplike en ekonomiese oorgang, wat politieke demokratisering, ekonomiese heropbouing en ontwikkeling, en hergedistribueerde maatskaplike beleidsrigtings, wat op billikheid gemik is, insluit. Hierdie nasionale agenda word nagestreef binne 'n kenmerkende bestel van druk en eise wat kenmerkend is van die laat twintigste eeu, wat dikwels as globalisasie getipeer word. Hierdie term verwys na menigvuldige inter-verwante veranderinge in maatskaplike, kulturele en ekonomiese verhoudinge, wat gekoppel is aan die wydverspreide impak van die inligtings- en kommunikasie-revolusie, die groei van trans-

nasionale vakkundige en wetenskaplike netwerke, die versnellende integrasie van die wêreld ekonomie en intense mededinging tussen nasies vir markte.

1.8 Hierdie ekonomiese en tegnologiese veranderinge sal noodwendig 'n impak op die nasionale agenda hê, gegewe die verweefde aard van die wêreld se ekonomiese verhoudinge. Die beleidsuitdaging is om te verseker dat ons krities en skeppend meedoen aan die wêreldimperatiewe met die bepaling van ons nasionale en streeksdoelstellings, prioriteite en verantwoordelikhede.

1.9 In die besonder word die Suid-Afrikaanse ekonomie gekonfronteer met die formidabele uitdaging om homself te integreer in die mededingende arena van internasionale produksie en finansies wat getuig van vinnige veranderinge as gevolg van nuwe kommunikasie- en inligtingstechnologieë. Hierdie tegnologieë, wat 'n premie plaas op kennis en vaardighede, wat lei tot die idee van die "kennissameenskap", het die wyse waarop mense werk en verbruik, getransformeer.

1.10 Terselfdertyd is die nasie gekonfronteer met die uitdaging om huishoudelike, maatskaplike en ekonomiese verhoudinge her op te bou om die onbillike patrone van eienaarskap, rykdom en maatskaplike en ekonomiese praktyke, wat deur segregasie en apartheid gevorm is, uit te wis en reg te stel. Dit het gelei tot die opkoms van 'n gesofistikeerde stedelike kerneconomie met 'n relatiewe goed-ontwikkelde tegnologiese infrastruktuur en 'n toenemende hoogsopgeleide geskoolde werksmag, wat sy aan sy medebestaan met 'n perifere landelike en informele stedelike ekonomie waaruit die meerderheid van die bevolking, wat voorheen toegang tot onderwys en opleiding geweier is en beperk is tot ongeskoolde arbeid, op 'n manier 'n bestaan maak.

1.11 Teen hierdie agtergrond moet hoër onderwys, onderwys en opleiding verskaf om die vaardighede en innovasies, wat nodig is vir nasionale ontwikkeling en suksesvolle deelname aan die wêreld ekonomie, te ontwikkel. Verder moet hoër onderwys intern hergestruktureer word om die uitdaging van globalisasie die hoof te bied en in die besonder die afbreek van nasionale en institusionele grense wat die ruimtelike en geografiese versperrings tot toegang sal verwyder.

1.12 Hierdie ekonomiese en tegnologiese veranderinge het 'n agenda geskep vir die rol van hoër onderwys in heropbouing en ontwikkeling. Dit sluit in:

- Menslike hulpbronnontwikkeling: die mobilisasie van menslike talent en potensiaal deur lewenslange studie om by te dra tot die maatskaplike, ekonomiese, kulturele en intellektuele lewe van 'n vinnig-veranderende sameenskap.

- Hoë vlak vaardigheidsopleiding: die opleiding en voorsiening van mensekrag om hierdie land se ondernemings, dienste en infrastruktuur te versterk. Dit vereis die ontwikkeling van professionele persone en kenniswerkers met vaardighede gelykstaande aan wêreldgehalte, maar wat sosiaal-verantwoordelik is en bewus is van hulle rol om by te dra tot die nasionale ontwikkelingspoging en maatskaplike transformasie.
- Skepping, verkryging en toepassing van nuwe kennis: nasionale groei en mededingendheid is afhanklik van voortgesette tegnologiese verbetering en innovasie, aangedryf deur 'n goed georganiseerde, opwindende navorsings- en ontwikkelingsstelsel wat die navorsings- en opleidingskapasiteit van hoër onderwys integreer met die behoeftes van die nywerheidssektor en van maatskaplike heropbouing.

1.13 Ter opsomming, die transformasie van die hoër onderwysstelsel en sy inrigtings vereis:

- *Verhoogde en verbrede deelname.* Suksesvolle beleid moet 'n histories-bepaalde patroon van fragmentasie, ongelykheid en ondoeltreffendheid te bowe kom. Dit moet toegang verhoog vir swart, vroue-, gestremde en volwasse studente, en nuwe kurrikula en plooibare leer- en onderwysmodelle genereer, insluitend leweringmodelle om 'n groter en meer diverse studentebevolking te akkommodeer.
- *Sensitiwiteit vir die belange en behoeftes van die gemeenskap.* Suksesvolle beleid moet die hoër onderwysstelsel en sy inrigtings herstruktureer om aan die behoeftes van 'n toenemend tegnologies-georiënteerde ekonomie te voldoen. Dit moet ook die vereiste navorsing, die hoogs-opgeleide mense en die kennis lewer om 'n ontwikkelende gemeenskap toe te rus met die vermoë om nasionale behoeftes aan te spreek en die vermoë tot deelname in 'n vinnig-veranderende en mededingende wêreldverband.
- *Samewerking en vennootskappe in bestuur.* Suksesvolle beleid moet die verhouding tussen hoër onderwys en die staat, die burgerlike gemeenskap, en belanghebbers, asook tussen inrigtings herkonsepsualiseer. Dit moet ook 'n bevoegde institusionele omgewing en kultuur skep wat sensitief is vir diversiteit en dit bevestig, wat versoening en respek vir menselewens bevorder, wat die waardigheid van individue beskerm teen rasse- en seksuele teistering, en wat alle ander vorme van gewelddadige optrede verwerp.

VISIE

1.14 Die Ministerie se visie is een van 'n getransformeerde, demokratiese, nie-rassige, nie-seksistiese stelsel van hoër onderwys, wat:

- billike toegang en regverdige kanse op sukses sal bevorder vir almal wat daarna streef om hulle potensiaal deur hoër onderwys te verwesenlik, terwyl dit alle vorme van onregverdige diskriminasie sal uitwis en die regstelling van die ongelykhede van die verlede sal bevorder
- deur deeglik beplande en gekoördineerde onderrig-, studie- en navorsingsprogramme aan die nasionale ontwikkelingsbehoefte sal voldoen, insluitend die hoogs geskoolde indiensnemingsbehoefte, verteenwoordig deur 'n groeiende ekonomie in 'n wêreldomgewing
- 'n demokratiese etos en 'n kultuur van menseregte sal ondersteun deur opvoedkundige programme en gebruike wat bevorderlik is vir kritiese bespreking en skeppende denke, kulturele verdraagsaamheid, en 'n gemeenskaplike toewyding aan 'n welwillende, nie-rassistiese, nie-seksistiese maatskaplike bestel
- sal bydra tot die bevordering van alle vorme van kennis en kundigheid, en in besonder die diverse probleme en eise van die plaaslike, nasionale, Suider-Afrikaanse en Afrika-kontekste sal aanspreek, en ook die streng standarde van akademiese gehalte sal handhaaf.

1.15 Hierdie visie vir hoër onderwys is gesetel binne die regering se breër siening van 'n toekoms waarin alle Suid-Afrikaners 'n verbeterde en volhoubare lewensgehalte kan geniet, aan 'n mededingende ekonomie kan deelneem en in 'n demokratiese kultuur kan deel.

1.16 Die Ministerie se visie en program vir transformasie is gebaseer op 'n stel onderliggende beginsels en doelstellings wat riglyne voorsien om die hoër onderwysstelsel te evalueer.

BEGINSELS

1.17 Die Ministerie beskou die volgende as fundamentele beginsels wat die transformasieproses moet lei in 'n gees van 'n oop en demokratiese gemeenskap, gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid:

Billikheid en regstel

1.18 Die beginsel van billikheid vereis regverdige geleenthede om hoër onderwysprogramme te betree sowel as om suksesvol daarin te wees. Die toepassing van die billikheidsbeginsel impliseer aan die een kant 'n kritiese identifikasie van bestaande ongelykhede wat die produk is van beleid, strukture en gebruike gebaseer op rasse-, geslags-, gestremdheid- en ander vorme van diskriminasie of benadeling, en aan die ander kant 'n transformasieprogram met die oog op regstelling. Sodanige transformasie behels nie

slegs die afskaffing van alle bestaande vorme van onregverdige differensiasie nie, maar ook bemagtigingsmaatreëls, insluitend finansiële ondersteuning, om gelyke geleenthede vir individue en inrigtings te bewerkstellig.

Demokratisering

1.19 Die beginsel van demokratisering vereis dat die bestuur van die hoër onderwysstelsel en van individuele inrigtings demokraties, verteenwoordigend en deelnemend moet wees, gekenmerk deur wedersydse respek, verdraagsaamheid en die handhawing van 'n deeglik geordende en vreedsame gemeenskapslewe. Strukture en prosedures moet verseker dat diegene wat deur besluite geraak word, seggenskap in die neem daarvan moet hê, of regstreeks of deur verkose verteenwoordigers. Dit vereis dat die besluitnemingsprosesse op sistemiese, inrigtings- en departementele vlakke deursigtig is en dat diegene wat besluite neem en uitvoer, aanspreeklik sal wees vir die wyse waarop hulle hul pligte uitvoer en hulpbronne benut.

Ontwikkeling

1.20 Die beginsel van ontwikkeling beteken dat omstandighede geskep moet word om die transformasie van die hoër onderwysstelsel te vergemaklik om dit sodoende in staat te stel om tot die algemene heil van die gemeenskap by te dra deur die skepping, verkryging en toepassing van kennis, die opbou van menslike vermoëns, en die voorsiening van geleenthede vir lewenslange studie.

Gehalte

1.21 Die strewe na die beginsel van gehalte beteken die instandhouding en toepassing van akademiese standaarde, in die sin van spesifieke verwagtinge en vereistes waaraan voldoen moet word, en in die sin van ideale van uitnemendheid waarna gestreef moet word. Hierdie verwagtinge en ideale kan van konteks tot konteks verskil, deels afhangende van die spesifieke doelstellings wat nagestreef word. Die toepassing van die beginsel van gehalte omvat die evaluering van dienste en produkte teenoor gestelde standaarde, met die oog op verbetering, vernuwing en vooruitgang.

Doeltreffendheid en doelmatigheid

1.22 Die beginsels van doeltreffendheid en doelmatigheid is verwant maar eiesoortig. 'n Doeltreffende stelsel of inrigting funksioneer op só 'n wyse dat dit gewenste resultate lewer of gewenste doelstellings bereik. 'n Doelmatige stelsel of inrigting is een wat goed werk, sonder onnodige duplisering of verkwisting, en binne die perke van bekostigbaarheid en volhoubaarheid. Dit doen dinge reg ten opsigte van optimale gebruik van beskikbare middele.

Akademiese vryheid

1.23 Die beginsel van akademiese vryheid impliseer die afwesigheid van inmenging van buite, sensuur of hindernisse in die navolging en beoefening van akademiese werksaamhede. Dit is 'n voorvereiste vir kritiese, eksperimentele en skeppende denke en dus vir die bevordering van intellektuele ondersoek en kennis. Akademiese vryheid en wetenskaplike ondersoek is fundamentele regte wat deur die Grondwet beskerm word.

Institusionele outonomie

1.24 Die beginsel van institusionele outonomie verwys na 'n hoë mate van selfregulering en administratiewe onafhanklikheid ten opsigte van die toelating van studente, kurrikulum, onderrig- en waardebepalingsmetodes, navorsing, die vestiging van akademiese regulasies en die interne bestuur van hulpbronne wat deur private en openbare bronne gegenereer word. Sodanige outonomie is 'n voorwaarde vir doeltreffende selfregering. Daar is egter geen morele grondslag om die beginsel van institusionele outonomie te gebruik as 'n voorwendsel om demokratiese verandering teen te staan of ter verdediging van wanbestuur nie. Institusionele outonomie is daarom onlosmaaklik gekoppel aan die eise van openbare aanspreeklikheid.

Openbare aanspreeklikheid

1.25 Die beginsel van openbare aanspreeklikheid impliseer dat inrigtings verantwoordbaar is vir hulle optrede en besluite, nie slegs aan hulle eie bestuursliggame en die institusionele gemeenskap nie, maar ook teenoor die breër gemeenskap. Eerstens vereis dit dat inrigtings wat openbare fondse ontvang in staat moet wees om verslag te doen oor hoe, en hoe goed, geld bestee is. Tweedens vereis dit dat inrigtings die resultate wat hulle met die middele tot hulle beskikking behaal, sal demonstreer. Derdens vereis dit dat inrigtings sal demonstreer hoe hulle nasionale beleidsdoelstellings en -prioriteite bereik het.

DOELWITTE

1.26 Die beginsel wat hierbo geskets is, vestig die stuurmeganisme vir transformasie van die hoër onderwysstelsel. Die doelwitte is sleutelmikpunte en -resultate wat nagestreef moet word in die toepassing van die transformasiestrategie.

1.27 Op die nasionale of stelselvlak is die doelwitte:

(1) Om hoër onderwys in Suid-Afrika as 'n enkele, gekoördineerde stelsel te konseptualiseer, beplan, bestuur en te finansier.

- (2) Om 'n volledige spektrum van gevorderde opvoedkundige geleenthede vir 'n groterwordende gedeelte van die bevolking te verskaf, ongeag ras, geslag, ouderdom, geloof, klas of ander vorme van diskriminasie.
- (3) Om die stelsel te diversifiseer ooreenkomstig die mengsel van institusionele missies en programme wat benodig sal word om in nasionale en streeksbehoefte in maatskaplike, kulturele en ekonomiese ontwikkeling te voorsien.
- (4) Om horisontale en vertikale beweeglikheid te vergemaklik deur 'n raamwerk vir hoër onderwyskwalifikasies te ontwikkel wat toereikende roetes van artikulasie, asook plooibare toetree- en uitreepunte inkorporeer.
- (5) Om die gehalte van onderrig en studie reg deur die stelsel te verbeter en, in besonder, om te verseker dat kurrikula vatbaar is vir die nasionale en streekskonteks.
- (6) Om die ontwikkeling van 'n plooibare studiestelsel te bevorder, insluitend afstandsonderrig en hulpbron-gebaseerde studie gebaseer op oop studiebeginsels.
- (7) Om 'n gevorderde hoë vlak navorsingskapasiteit te waarborg wat die voortsetting van self-geïnisieerde, onbeperkte intellektuele ondersoek verseker, sowel as die volgehoue toepassing van navorsingsaktiwiteite in tegnologiese bevordering en maatskaplike ontwikkeling.
- (8) Om maatskaplike verantwoordelikheid en bewustheid van die rol van hoër onderwys in maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling onder studente te bevorder en te ontwikkel deur middel van gemeenskapsdiensprogramme.
- (9) Om gegradueerdes op te lewer met die vaardighede en bevoegdhede wat die grondslag vir lewenslange studie lê, insluitend kritiese, analitiese, probleem-oplossings- en kommunikasie-vaardighede, asook die vermoë om verandering en diversiteit te hanteer, in besonder, die verdraagsaamheid teenoor verskillende sienings en idees.
- (10) Om maatreëls vir kapasiteitsbou te ontwikkel om 'n meer verteenwoordigende personeelkomponent te bevorder wat sensitief is vir plaaslike, nasionale en streeksbehoefte en wat toegewy is aan standarde en ideale van skeppende en nougesette akademiese werksaamhede.
- (11) Om deursigtige en koste-effektiewe bestuur te verseker, gemik op die optimale benutting van beskikbare hulpbronne.

(12) Om finansieringsmeganismes te ontwikkel en uit te voer wat in lyn is met die beginsels hierbo geskets en gebaseer op behoefte, bekostigbaarheid, volhoubaarheid en gedeelde kostes, en wat die doelwitte van die nasionale hoërondwysplan ondersteun.

1.28 Op die institusionele vlak is die doelwitte:

(1) Om die bestuurstrukture van hoër onderwys te transformeer en te demokratiseer. Nuwe strukture moet voorsiening maak vir gesamentlike besluitneming tussen verskillende maar funksioneel interafhanklike belanghebbers wat hulle verskillende identiteite, belange en vryhede erken, terwyl hulle die gemeenskaplike doelwit van 'n gekoördineerde en deelnemende staatsbewind en burgerlike gemeenskap nastreef.

(2) Om interaksie aan te moedig deur samewerking en vennootskappe tussen hoër onderwysinrigtings en tussen sodanige inrigtings en alle sektore van die breër gemeenskap.

(3) Om menslike hulpbron-ontwikkeling te bevorder deur programme wat vatbaar is vir die maatskaplike, politieke, ekonomiese en kulturele behoeftes van die land, en wat voldoen aan die beste standaarde van akademiese vakkundigheid en professionele opleiding.

(4) Om 'n akademiese klimaat te skep, gekenmerk deur vrye en oop debattering, kritiese bevraagtekening van bestaande ortodoksies en eksperimentering met nuwe idees.

(5) Om die maatskaplike verantwoordelikheid van inrigtings te demonstreer en hulle toewyding aan die algemene heil, deur die beskikbaarstelling van beskikbare kundigheid en infrastruktuur vir gemeenskapdiensprogramme.

(6) Om 'n institusionele omgewing en kultuur, gebaseer op verdraagsaamheid en respek, aan te moedig.

HOOFSTUK 2

STRUKTUUR EN GROEI

'N ENKELE GEKOÖRDINEERDE STELSEL

2.1 Hoër onderwys moet beplan, bestuur en gefinansier word as 'n enkele nasionale gekoördineerde stelsel, om die fragmentasie, ongelykheid en ondoeltreffendheid, wat 'n erfenis van die verlede is te bowe te kom, en om die huidige en toekomstige uitdagings van heropbouing en ontwikkeling suksesvol aan te spreek. Hierdie is 'n fundamentele beleidspunt waarop alle belanghebbers in die hoër onderwysstelsel ooreengekom het.

2.2 'n Sleutelkenmerk van 'n enkele gekoördineerde stelsel sal die verbreding wees van die maatskaplike grondslag van die hoër onderwysstelsel ingevolge ras, klas, geslag en ouderdom. Die stelsel sal voorsiening maak vir 'n aansienlik meer diverse studentegemeenskap as wat tans die geval is. Hulle sal al hoe meer verteenwoordigend word, op alle vlakke van die stelsel en in alle programme, van die rasse- en geslagsamestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking. Toegang vir gestremde studente sal toeneem. Die stelsel sal sy deure oopmaak, in die gees van lewenslange studie, vir werkers en professionele persone wat multi-vaardigheid en hervaaardigheid nastreef, en volwasse studente wie se toegang tot hoër onderwys in die verlede gedwarsboom is.

2.3 Die struktuur en kultuur van die huidige stelsel is nie besonder geskik om die verskillende agtergronde, behoeftes, belange en vermoëns van die studentegemeenskap van die toekoms te akkommodeer nie. Dit stel hulle nie in staat om hulle potensiaal te verwesenlik nie en sodoende by te dra tot die noodsaaklike spektrum en gehalte van kennis, insig, vaardigheid en vermoë vir die ontwikkeling en heropbouing van ons land nie. Die stelsel het geen ander alternatief as om dit self nuut te maak om sodoende die visie te verwesenlik en die doelwitte te bereik wat in die vorige hoofstuk uiteengesit is.

2.4 Die mees betekenisvolle konsepsionele verandering is dat die enkele gekoördineerde stelsel 'n program-gebaseerde definisie van hoër onderwys as uitgangspunt sal gebruik:

Hoër onderwys omvat alle studieprogramme wat lei tot kwalifikasies hoër as die voorgestelde Verdere Onderwys en Opleiding-sertifikaat of die huidige Standaard 10-sertifikaat.

2.5 'n Program-gebaseerde benadering

- erken dat hoër onderwys plaasvind in veelvuldige inrigtings en plekke van studie, met gebruikmaking van 'n verskeidenheid van metodes, en dat dit 'n steeds groterwordende diverse studentegemeenskap trek

- is ten volle verenigbaar met al die funksies en integrale komponente van hoër onderwys, wat studie en onderrig, kennis en navorsing, gemeenskapontwikkeling en voorligtingsdienste insluit.

2.6 'n Program-gebaseerde hoër onderwysstelsel, wat beplan, bestuur en gefinansier word as 'n enkele, samehangende, nasionale stelsel, sal dit moontlik maak om vele noodsaaklike veranderings aan te bring:

- Dit sal die diversifikasie van die toegang, kurrikulum en kwalifikasiestruktuur bevorder, met programme wat ontwikkel en geartikuleer is binne die Nasionale Kwalifikasie-raamwerk (NKR), en sodoende 'n oop en plooibare sisteem, gebaseer op krediet-akkumulاسie en veelvoudige toetree- en uittreepunte vir leerders. Dit sal struikelblokke verwyder wat leerders se toegang tot programme onnodiglik beperk, en dit sodoende moontlik maak om behoorlike akademiese erkenning te verleen vir kennis wat voorheen verwerf is, en dus groter horisontale en vertikale beweeglikheid onder leerders in die hoër onderwysstelsel toelaat. Dit sal ook die greep verbreek van die tradisionele patroon van kwalifikasies gebaseer op opvolgende, jaarlange kursusse in enkeldissiplines.
- Dit sal die ontwikkeling van 'n plooibare studiestelsel bevorder, wat die totale hoër onderwyssektor in toenemende mate sal omvat, met 'n diversiteit van institusionele missies en programmengsels, 'n reeks afstands- en persoonlike leweringsmeganismes en ondersteuningstelsels, deur gebruik te maak van geskikte, koste-effektiewe kombinasies van hulpbron-gebaseerde studie- en onderrigtegnologieë.
- Dit sal die ontvanklikheid van die hoër onderwysstelsel verbeter met betrekking tot huidige en toekomstige maatskaplike en ekonomiese behoeftes, insluitend arbeidsmarktendense en geleenthede, die nuwe betrekkinge tussen onderwys en werk, en in besonder, die kurrikulum en metodologiese veranderinge wat uit die inligtingsrevolusie voortvloei, die implikasie vir kennisskepping en die soorte vaardighede en vermoëns wat nodig is om die nuwe tegnologieë toe te pas of te ontwikkel.
- Dit sal 'n stelselwye en inrigtingsgebaseerde beplanningsproses vereis, en 'n vatbare regulerings- en finansieringstelsel wat dit moontlik sal maak om beplande doelwitte en mikpunte na te streef. Die proses sal verseker dat die uitbreiding van die stelsel verantwoordelik bestuur word en gebalanseerd is ooreenkomstig die eise vir toegang, die behoefte vir regstelling en diversifikasie, die menslike hulpbronbehoefte van die gemeenskap en ekonomie, en die perke van bekostigbaarheid en volhoubaarheid.

BEPLANNING IN 'N ENKELE GEKOÖRDINEERDE STELSEL

2.7 Tans word die grootte en vorm van die hoër onderwysstelsel bepaal deur ongekoördineerde inrigtingsbesluite oor studente-inskrywings en programverspreiding. Dit is

onhoudbaar in die konteks van fiskale beperkinge en die behoefte aan groter ontvanklikheid van die hoër onderwysstelsel vir die nasionale ontwikkelingsagenda.

2.8 Die ontwikkeling van 'n beplanningsraamwerk en -proses ten opsigte van die stelsel en inrigtingsvlakke is kritiek om te verseker dat die enkele gekoördineerde stelsel die erfenis van die verlede suksesvol kan aanspreek, kan reageer op nasionale behoeftes, arbeidsmarkgeleenthede en onderwysresultate kan koppel, en 'n meer voorspelbare en stabiele finansieringsomgewing kan voorsien.

2.9 Die sleutelinstrumente in die beplanningsproses sal die ontwikkeling van globale nasionale en institusionele drie-jaar "rollende planne" wees, indikatiewe planne wat die stel van doelwitte en uitvoeringsmikpunte, wat gewysig kan word, bygewerk en jaarliks hersien kan word, kan vergemaklik. 'n Deelnemende meer-jarige beplanningsproses sal die inherente gebreke van die ou bo na onder sentrale begrotingstelsel kan vermy. Dit is in lyn met die regering se begrotingsontwikkelingsproses, soos weerspieël in die Mediumtermyn Uitgawe-raamwerk. 'n Drie-jaarbeplanningsiklus, met data, hulpbronskattings, mikpunte en planne wat jaarliks bygewerk word, maak die beplanning van groei en verandering in hoër onderwys meer plooibaar en vatbaar vir maatskaplike en ekonomiese behoeftes, insluitend markseine (terwyl die onbuigsaamheid van die ou styl van "mannekragbeplanning" vermy word), dit laat toe dat wysigings gedoen word op die basis van werklike prestasie, en het groter voorspelbaarheid, en dus stabiliteit in die begrotingsproses tot gevolg.

Nasionale hoër onderwysplan

2.10 Die nasionale hoër onderwysplan sal rigtinggewende mikpunte vestig vir die grootte en vorm van die stelsel, globale groei en deelnemingsyfers, en institusionele en programmengsels wat die visie, beginsels en beleidsdoelwitte van die stelsel bevorder. In die besonder sal die aandag gevestig word op:

- die vestiging van nuwe programme
- die ontmoediging van verouderde programme
- die ontwikkeling van nuwe vermoëns
- die omvorming van die institusionele landskap
- die bevordering van individuele en institusionele regstellings- en billikheidsdoelwitte.

2.11 Die nasionale hoër onderwysplan sal die raamwerk verskaf waarbinne institusionele planne ontwikkel sal word, en sal op sy beurt beïnvloed word deur streeks- en institusionele belange en voorstelle. Hierdie inter-aktiewe proses sal algehele nuwe oorlegplegings- en

onderhandelingsprosesse, nuwe databasisse en aansienlik verbeterde modellering- en rekenariseringsvermoëns, op die nasionale, streeks- en inrigtingsvlakke vereis.

2.12 Die nasionale plan sal deur die Departement van Onderwys ontwikkel word, na oorlegpleging en op die advies van die nuwe statutêre adviesliggaam, die Raad vir Hoër Onderwys (RHO).

Institusionele planne

2.13 Die drie-jaar rollende institusionele planne sal ontwikkel word binne die raamwerk van die nasionale plan, volgens prosedures wat onderhandel sal word tussen die Departement van Onderwys en die inrigtings met die advies van die RHO.

2.14 Daar sal verwag word dat institusionele planne die missie van die inrigting insluit, asook voorgestelde programme, rigtinggewende mikpunte vir inskrywingsvlakke volgens program-, rasse- en geslagsbillikheidsdoelwitte en voorgestelde maatreëls om nuwe programme en menslike hulpbronontwikkelingsplanne en ontwikkelingsplanne vir nuwe programme te ontwikkel. Dit sal ook planne insluit vir akademiese ontwikkeling, navorsingsontwikkeling en infrastrukturele ontwikkeling.

2.15 Die Ministerie sal die RHO versoek om advies te lewer oor die kriteria wat gebruik sal word om die geskiktheid en volhoubaarheid van institusionele planne te evalueer. In breë terme sal daar ooreenstemming moet wees tussen institusionele planne en nasionale beleid en doelwitte, asook konsekwentheid met betrekking tot institusionele missies en kapasiteit.

2.16 Voorts sal klem gelê word op streeksoorsigte van institusionele planne as 'n integrale deel van die nasionale beplanningsproses. Dit sal daarop gemik wees om streekskoördinasie en -medewerking te bevorder, as deel van die nasionale plan om die artikulasie van programme te verhoog, asook die beweeglikheid van studente tussen inrigtings, die deel van hulpbronne, insluitend skaars akademiese en tegniese personeel, en biblioteek- en inligtingsgeriewe. Die Ministerie sal aansporingsmaatreëls voorsien om streeksbeplanning en -koördinasie te vergemaklik.

2.17 In gevalle waar daar 'n wanaanpassing is tussen institusionele planne en die nasionale plan, sal wysigings aan institusionele planne deur die Departement van Onderwys met die tersaaklike inrigtings onderhandel word.

2.18 Die goedkeuring van institusionele planne sal lei tot die toewysing van gefinansierde studenteplekke aan inrigtings vir goedgekeurde programme in besondere vlakke en studieveldde. Individuele inrigtings sal studentegetalle bepaal vir spesifieke programme binne hierdie vlakke en terreine. Hulle sal ook oor die opsie beskik om nuwe programme aan te bied of om staatsgefinansierde programme uit hulle eie hulpbronne aan te vul.

2.19 Institusionele regstelling sal 'n belangrike rol speel in die beplanningsproses om te verseker dat oorgeërfde ongelykhede tussen histories swart en histories blanke inrigtings nie verskerp word nie, maar verminder word. Dit sal vereis dat die Departement van Onderwys en die RHO inrigtings proaktief sal bystaan om beplanningskapasiteit en geskikte institusionele missies te ontwikkel, asook om te verseker dat nuwe programme toepaslik binne die institusionele landskap geplaas word. In hierdie verband sal regstellingsfinansiering toegewys word waar nodig om inrigtings in staat te stel om die ooreengekome programmingsel op 'n doeltreffende wyse aan te bied.

2.20 Die beplanningsproses sal ook in ag neem dat die histories bevoordeelde inrigtings bykomende hulpbronne sal benodig om die studiebehoefes van benadeelde studente te hanteer as gevolg van resultaat van die veranderende samestelling van die studentegemeenskap, met groot en toenemende getalle swart studente wat by hierdie inrigtings inskryf.

2.21 Soos elke inrigting in die hoër onderwysstelsel sy institusionele missie, gebaseer op toepaslike programkeuses en -kombinasies verduidelik, die studentegemeenskap diversifiseer, die onderrig-, navorsings- en bestuursprofiel meer verteenwoordigend van ons mense word, gehalte-bevordering- en gehalte-versekeringsprosesse inslag vind, die institusionele landskap verander en sentrums van voortreflikheid erken en reg deur die stelsel bevorder word, sal die onderskeid tussen die histories bevoordeeldes en histories benadeeldes al hoe minder relevant word.

BILLIKHEID EN GROEI

2.22 Daar is 'n duidelike saak uit te maak vir die uitbreiding van die hoër onderwysstelsel indien dit aan die vereistes van billikheid, regstelling en ontwikkeling wil voldoen. Volgens die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NKHO), het die totale getal swart studente aan universiteite en teknikons met 'n jaarlikse gemiddeld van 14% tussen 1986 en 1993 gestyg, teenoor 0,4% vir blankes. Die globale deelnemingsyfers, naamlik die persentasie van die 20 - 24 ouderdomsgroep wat in hoër onderwys ingeskryf is, wat die internasionale norm is wat deur UNESCO aanvaar is, is egter steeds deur ernstige ongelykhede gekenmerk. In 1993 was die globale deelnemingsyfers in alle programme na Standaard Tien, in openbare en private inrigtings, ongeveer 20 persent. Die deelnemingsyfers vir blanke studente was egter net onder 70 persent, terwyl dit vir swart studente ongeveer 12 persent was (NKHO-verslag, 1996:64). Alhoewel sodanige ongelykhede sedert 1993 betekenisvol verminder het, is dit steeds aansienlik, veral wanneer dit op 'n programbasis en vlak van kwalifikasie ontleed word.

2.23 Wat egter nie duidelik is nie, is watter stygings in deelnemingsyfers vir swart studente, en in die geheel, binne die afsienbare toekoms moontlik is binne die konteks van die regering se makro-ekonomiese raamwerk en fiskale beleid. Die Departement van Onderwys is in die

proses om 'n beplanningsmodel te ontwikkel, wat beramings sal verskaf rakende die koste om die hoër onderwysstelsel uit te brei, gebaseer op verskillende scenario's, gebaseer op 'n verskeidenheid van groeiberamings, met inagneming van demografiese, arbeids- en markaanwysers. Na toepaslike evaluering en oorlegpleging, sal die resultaat van hierdie studie die ontwikkeling van die eerste nasionale hoër onderwysplan lei.

2.24 Die Ministerie van Onderwys is toegewy aan die beplande uitbreiding van die stelsel. In hierdie verband, kan die dubbel doelwitte van billikheid en groei bereik word deur:

- te verseker dat die samestelling van die studentegemeenskap die demografiese werklikhede van die breër gemeenskap progressief weerspieël. 'n Belangrike fokus van enige uitbreidings- en billikheidsstrategie moet daarop gerig wees om die deelname en mate van sukses van swart studente in die algemeen, en van vrouestudente in die besonder te verhoog, veral in programme en vlakke waarin hulle ondervateenwoordig is
- beroepsgerigte programme op alle vlakke uit te brei, maar in die besonder in korter-siklusprogramme (een en twee jaar), op sertifikaat- en diplomavlakke, asook in wetenskaps-, ingenieurswese en tegnologieprogramme
- inskrywings vir nagraadse programme op meesters- en doktorale vlakke uit te brei, om die hoë vlak vaardighede wat nodig is vir maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling aan te spreek, en om in die behoeftes van die akademiese arbeidsmark te voorsien
- die reeks programme uit te brei en inskrywings te verhoog, gebaseer op ope studie en afstandsonderrig, in besonder vir jong en ouer volwassenes, met besondere klem op vroue.

2.25 Die fokus op wetenskaps-, ingenieurswese en tegnologieprogramme is nodig om huidige wanbalanse reg te stel, in besonder die tekort aan opgeleide personeel in hierdie gebiede. Dit sal egter nie die belangrikheid van programme in die sosiale en geesteswetenskappe, wat sal bydra tot kennisskepping, in besonder tot 'n insig in maatskaplike en menslike ontwikkeling, insluitende maatskaplike transformasie, verminder nie. Hulle speel ook 'n belangrike rol in beroepsgerigte opleiding op 'n reeks terreine soos onderwys, regsgeleerdheid, privaat- en openbare sektorbestuur, maatskaplike ontwikkeling en die kunste. Voorts, binne die konteks van die kommunikasie- en inligtingsrevolusie, moet die sosiale en geesteswetenskappe, asook die natuurwetenskappe en tegnologie, bydra tot die ontwikkeling van die analitiese, intellektuele, kulturele en etiese vaardighede en bekwaamhede wat nodig is vir deelname aan die kennisgemeenskap.

BILLIKHEID EN REGSTELLING

2.26 Die Ministerie van Onderwys se toewyding aan die verandering van die samestelling van die studentegemeenskap sal beïnvloed word deur die bepaalde herverdeling van die openbare subsidie aan hoër onderwys. Die relatiewe verhouding van openbare finansiering wat gebruik word om akademies-bekwame maar benadeelde studente te ondersteun, moet verhoog word.

2.27 Verder, om vordering te maak met die bereiking van billikheids- en regstellingsdoelwitte, sal daar binne die huidige konteks van beperkte reële groei in openbare besteding, van inrigtings vereis word om meer privaat hulpbronne te mobiliseer, asook om hulle bedryfskenkings intern her toe te wys. Dit gebeur reeds by baie inrigtings na aanleiding van die onlangse vinnige toename in swart studente-inskrywings.

2.28 Die Ministerie sal van inrigtings vereis om hulle eie rasse- en geslagsbillikheidsdoelwitte te ontwikkel asook planne om dit te bereik, deur gebruik te maak van rigtinggewende mikkpunte, eerder as vaste kwotas, vir die toewysing van openbaar-gesubsidieerde plekke.

2.29 Versekering van billikheid van toegang moet aangevul word deur 'n besorgdheid oor die billikheid van uitkomst. Groter toegang moet nie lei tot 'n "draaideur"-sindroom vir studente met hoë druipe- en uitsaksyfers nie. In hierdie opsig is die Ministerie daartoe verbind om seker te maak dat openbare fondse wat geoormerk is vir regstelling en billikheid, gekoppel is aan meetbare vordering rakende die verbetering van gehalte en 'n vermindering in die hoë uitsak- en herhalingsyfers.

2.30 Dit beklemtoon die behoefte om aandag te gee aan die artikulasiegaping tussen die eise van hoër onderwysprogramme en skoolverlaters se gereedheid vir akademiese studie. Die uitwerking van Bantoe-onderwys, die chroniese onderfinansiering van swart onderwys gedurende die apartheidsera, en die uitwerking van onderdrukking en weerstand op die kultuur van studie en onderrig, het die gereedheid van talentvolle swart studente vir hoër onderwys ernstig ondermyn.

2.31 Die regering het 'n ambisieuse program geloods om die skoolstelsel oor die medium- en langtermyn te transformeer, om die vorige leemtes reg te stel en om die gehalte van skoolonderwys te verbeter. Om voorbeelde te noem, die HOP Presidensiële Leidingsprojekte, in besonder die Primêre Skool-voedingsprogramme en die Nasionale Skolebou-programme, gee aandag aan die studie-omgewing. Kurrikulum 2005 sal progressief nuwe uitkomsgebaseerde studieprogramme reg deur die skoolstelsel instel en die nasionale Veldtog vir die Kultuur van Studie, Onderrig en Diens probeer om gemeenskappe, studente en opvoeders te bemagtig om studie-inrigtings vir hulle werklike doel te herwin en om 'n

groeïende solidariteit by alle deelnemers aan die studieproses rondom die dissiplines en vreugde van studie, onderrig en diens te ontwikkel.

2.32 In die kort- tot mediumtermyn, met die doel om billikheid van resultate te verbeter, word daar van die hoër onderwysstelsel vereis om omvattend te reageer op die artikulasiegaping tussen studente se skoolbekwaamhede en die intellektuele eise van hoër onderwysprogramme. Dit sal nodig wees om die voorsiening van oorbruggings- en toegangsprogramme binne verdere onderwys te bespoedig, maar die leeragterstande is so wyd verspreid dat sistematiese veranderings aan hoër onderwysprogramme (opvoedkunde, kurrikulum en die struktuur van grade en diplomas) steeds nodig sal wees. Die ontwikkeling en voorsiening van studente-ondersteuningsdienste, insluitend loopbaanvoortligting, berading en finansiële hulpdienste, is ander noodsaaklike vereistes. Boonop moet 'n bemagtigingsomgewing reg deur die stelsel geskep word om diep-gesetelde rassistiese en seksistiese ideologieë, wat verhoudings opsweep, emosionele littekens laat en versperrings skep vir suksesvolle deelname aan studie en kampuslewe, te ontwortel. Slegs 'n benadering met veelvuldige fasette kan 'n vaste grondslag van kennis, idees, akademiese, sosiale en persoonlike vaardighede verskaf, en die kultuur van respek, ondersteuning en uitdaging skep waarop selfvertroue, werklike studie en billikheid kan floreer.

2.33 Dus is akademiese ontwikkelingsstrukture en -programme by alle hoër onderwysinrigtings nodig om die ontwikkeling van onderrigvaardighede, kurrikula, kursusmateriaal en studente-ondersteuningsdienste as 'n hoofstroom-programontwikkeling te bevorder.

2.34 Die Ministerie sal seker maak dat die nuwe finansieringsformule vir hoër onderwys aan sodanige behoeftes vir akademiese ontwikkelingsprogramme beantwoord, insluitend, waar nodig, uitgebreide kurrikula. Daar sal aan sodanige programme die nodige gewig en status verleen word as integrale elemente van 'n hoër onderwysstelsel wat toegewy is aan regstelling en om die gehalte van studie en onderrig te verbeter.

2.35 Die Ministerie, in samewerking met die RHO, deur middel van sy Hoër Onderwys Gehalte-komitee, sal 'n deeglike oorsig van die struktuur en duur van graad-, diploma- en sertifikaatprogramme inisieer, wat daarop gerig is om die skool, of (breër) verdere onderwys en opleiding, en hoër onderwysstelsels beter te laat strook. Hierdie hersiening sal noodwendig 'n evaluering van die breë kurrikulum in hoër onderwys, ten opsigte van inhoud, toepaslikheid, ontwerp en lewering tot gevolg hê.

2.36 Die Ministerie is hoogs ontvanklik vir die groeiende belangstelling in gemeenskapsdiensprogramme vir studente, om die maatskaplike toewyding en energie van jong mense in te span vir die behoeftes van die Heropbouings- en Ontwikkelingsprogram, en as 'n potensiële komponent van die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFHS). Die

Ministerie sal die RHO en die Nasionale Jeugkommissie oor hierdie saak raadpleeg. In beginsel sal die Ministerie geskikte uitvoerbaarheidstudies en loodsprogramme, wat die potensiaal van gemeenskapsdiens ondersoek, aanmoedig

- om die oproep van jong mense vir opbouende maatskaplike verpligtinge te beantwoord
- om die Kultuur van Studie, Onderrig en Diens in hoër onderwys te versterk, en
- om die finansiële las van studie op hierdie vlak ietwat te verlig.

HERSTRUKTURERING EN DIVERSIFIKASIE

Institusionele landskap

2.37 Die Ministerie van Onderwys is ten gunste van 'n geïntegreerde en gekoördineerde hoër onderwysstelsel, maar nie 'n uniforme stelsel nie. 'n Belangrike taak in die beplanning en bestuur van 'n enkele nasionale gekoördineerde stelsel, is om diversifikasie in sy organisatoriese vorm en in die institusionele landskap te verseker, en om druk vir homogenisasie te neutraliseer. Sodanige druk bestaan tans, en sal verhoog soos die aanvraag vir hoër onderwysplekke toeneem, en soos die stelsel reageer op die erkende behoeftes om toegang te vergroot en die kurrikulum te diversifiseer.

2.38 Die risiko wat die Ministerie wil vermy is 'n laissez-faire vermenigvuldiging van hoër onderwysprogramme deur 'n toenemende reeks verskaffers, sonder die voordeel van 'n beplanningsraamwerk en sonder voldoende voorsorg om die gehalte van voorsiening te verseker. Dit sal feitlik gewis lei tot 'n onbeplande verwarring van institusionele rolle en funksies en, gegewe hulpbronbeperkings, 'n sterk neiging tot oorvoorsiening van lae koste-programme in lae prioriteitskurrikulum-afdelings.

2.39 Die homogeniserende druk, en risikos van laagste gemene deler-uitbreiding, kan vermy word deur

- die breë funksie en missie van universiteite, teknikons en kolleges as drie soorte inrigtings wat hoër onderwysprogramme aanbied te erken
- aan te dring op 'n streng beplannings- en keuringsproses vir die goedkeuring van openbaar-gefinansierde programme, wat die missie en doelwitte van die stelsel moet dien, en
- streng gehaltebeheer van verskaffers.

2.40 Die drie soorte inrigtings sal nie voortgaan om as afsonderlike sektore met onverenigbare missies en programaanbiedinge beskou te word nie. Wat die Ministerie verlang is 'n verslapping van die grenslyne tussen kolleges, teknikons en universiteite. Dit behoort 'n erkenning van die geleentheid tot samewerking op die basis van gemeenskaplike doelwitte en wedersydse belange te vergemaklik, asook van hulle onderskeie rolle.

2.41 Die presiese mengsel van programme wat deur bepaalde inrigtings aangebied word, sal tydens die beplanningsproses bepaal word op die grondslag van die paslikheid tussen die inrigting se voorgestelde programmengsel en streeks en nasionale behoeftes, asook 'n waardebeoordeling van huidige institusionele missies en kapasiteite. Sodanige waardebeoordeling sal insluit die evaluering van 'n inrigting se behoefte om sy missie te ontwikkel of uit te bou, en die behoefte vir kapasiteitsbouende strategieë om die wanbalanse en verdraaiings wat van apartheid geërf is reg te stel.

2.42 Die program-gebaseerde benadering tot beplanning en ontwikkeling, deur groter artikulasie tussen die verskillende sektore van die hoër onderwysstelsel te verseker, plooibaarheid en diversiteit in die reeks programme wat aangebied word te bevorder, en samewerking tussen inrigtings aan te moedig, sal tot strukturele veranderinge en 'n hervorming van die institusionele landskap in die medium- tot langtermyn lei.

2.43 Die Ministerie van Onderwys moedig die ontwikkeling van streekskonsortiums en vennootskappe, wat 'n reeks hoër onderwysinrigtings betrek, aan. Hulle bied 'n wye geleentheid vir samewerking om

- programme, insluitend die skepping van kursusmateriaal, te ontwikkel
- die oorvleueling en duplisering van programvoorsiening te verklein
- die institusionele kultuur en missie van beide Historiese Blanke Inrigtings (HBI's) en Historiese Swart Inrigtings (HSI's) binne die nasionale stelsel te herfokus
- te help met die bou van akademiese en administratiewe kapasiteit waar nodig, in besonder in HSIs, en
- om sensitiwiteit vir streeks- en nasionale behoeftes, vir akademiese programme, navorsing en gemeenskapsdiens te verhoog.

2.44 Die dieper belangrikheid van sodanige streeksamewerking is dat, deur die huidige skeidslyne in die stelsel te bowe te kom, dit 'n voorloper is van nuwe institusionele en organisatoriese vorme.

2.45 'n Kardinale taak, wat die Ministerie in samewerking met die RHO sal onderneem, is om die optimale getal en soorte inrigtings wat nodig is om aan die doelwitte van 'n getransformeerde hoër onderwysstelsel te voldoen, te evalueer. Baie inrigtings verg óf samesmelting óf herstrukturering vir nuwe missies en doelwitte. Eng, eie-belang kan nie toegelaat word om beplanning, wat tot die samesmelting en sluiting van inrigtings mag lei, en tot die ontwikkeling van nuwe institusionele vorme waar nodig, uit te sluit nie. Die nuwe beplannings- en bestuurstelsel sal dit moontlik maak om toepaslike ondersoeke te onderneem, asook oorlegpleging op nasionale, streeks- en plaaslike vlak. Die Minister sal dan in staat wees om ingeligte besluite te neem ingevolge die Wet op Hoër Onderwys.

Kolleges

2.46 Die Ministerie is daartoe verbind om te verseker dat die inskakeling van kolleges by die hoër onderwysstelsel die ontstaan van 'n reeks organisatoriese modelle sal toelaat, gebaseer op streeks- en nasionale behoeftes, gesonde onderwyspraktyk en doeltreffendheid en koste-effektiewe maatstawwe.

2.47 Toegang tot hoër onderwys sal verbeter word deur 'n beplande uitbreiding van kollege-gebaseerde programme op bepaalde terreine, in die besonder oorbruggingsprogramme. Daar sal ook van kolleges verwag word om 'n wyer reeks loopbaangerigte onderwys en opleiding, wat meer relevant is met betrekking tot die veranderende indiensnemingstruktuur en maatskaplike en ekonomiese behoeftes, aan te moedig. Die plooibaarheid wat deur die NKR gebied word, sal verseker dat studente wat kollege-programme kies, nie daarvan uitgesluit word om meer gevorderde studie elders, wat tot grade lei, na te streef nie.

2.48 Tans word hoër onderwysprogramme deur 'n reeks openbaar-gefinansierde na-sekondêre kolleges aangebied, insluitend onderwyskolleges, verplegings-, landbou-, veeartsenykundige, bosbou-, polisie- en militêre kolleges.

2.49 Kragtens die grondwetlike bepaling dat tersiêre onderwys 'n eksklusiewe nasionale bevoegdheid is (Skedule 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, Wet No. 108 van 1996), is die Ministerie geadviseer dat alle hoër onderwyskolleges onder die jurisdiksie van die Ministerie van Onderwys val. Hulle sal beplan, bestuur en gefinansier word as deel van die enkele gekoördineerde hoër onderwysstelsel.

2.50 Die kolleges wat onder 2.48 gelys word, sal in die tussentyd steeds deur die departemente onder wie se jurisdiksie hulle tans val, geadministreer, beheer en gefinansier word. Dit sal stabiliteit verseker terwyl daar oor hulle toekomstige ligging besluit word. Die

Ministerie het samesprekings met die betrokke lynministeries, op die nasionale sowel as die provinsiale vlak begin, en sal 'n omvattende oorsig van die kolleges in oorleg met alle belanghebbers loods om hulle toekomstige rol en ligging te bepaal.

2.51 Die Minister van Onderwys sal egter sy grondwetlike verantwoordelikheid nakom om nasionale beleid met betrekking tot alle kolleges wat hoër onderwysprogramme aanbied te bepaal en te monitor, en in besonder om te verseker dat die nodige akkreditasie en meganismes vir gehalteversekering in plek is.

2.52 Die onderwyskolleges was voorheen 'n provinsiale verantwoordelikheid en word tans steeds op provinsiale vlak geadministreer. Hulle is nou 'n nasionale bevoegdheid en hul oordrag na die nasionale vlak sal met die provinsiale ministeries deur middel van die meganisme van die Raad van Onderwysministers (ROM) en die Komitee van Hoofde van Onderwysdepartemente (KOMHOD) onderhandel word.

2.53 Tegniiese kolleges, wat hoofsaaklik na-verpligte onderwysprogramme aanbied, vorm deel van die kern van die voorgestelde verdere onderwyssektor, waarvan die inrigtingsstruktuur, bestuur, finansiering en programbasis tans deur die Nasionale Komitee vir Verdere Onderwys en Opleiding ondersoek word. Hulle sal dus steeds op die provinsiale vlak geadministreer word. Daar word egter verwag dat hulle sal voortgaan om hoër onderwysprogramme op bepaalde terreine aan te bied, insluitend toegang en oorbruggings- of funderingsprogramme en die bestaande hoër onderwysprogramme op tegniiese vlak (N4-N6). Dit sal onderworpe wees aan die beplannings- en finansieringsmaatstawwe en prosesse van die geïntegreerde hoër onderwysstelsel.

Private inrigtings

2.54 Daar is 'n betreklik goed gevestigde private hoër onderwyssektor in Suid-Afrika, wat programme onder konsessie van professionele institute of van plaaslike en internasionale universiteite, en in sommige gevalle onder hulle eie vaandel, aanbied. Die programme wat aangebied word strek van sertifikate en diplomas op terreine soos menslike hulpbronontwikkeling, bedryfsadministrasie, kommunikasie en inligtingstechnologie (in besonder, rekenaarkunde), tot onderrig wat tot grade lei wat deur UNISA en universiteite wat oorsee gebaseer is, toegeken word. In 1995, volgens die NKHO, was daar sowat 150 000 studente vir sulke programme ingeskryf (NKHO-verslag 1996:159).

2.55 Die Ministerie besef dat private verskaffing 'n belangrike rol speel om toegang tot hoër onderwys uit te brei, in besonder op nisterreine, deur op arbeidsmarkgeleenthede en studente-aanvraag te reageer. Die sleuteluitdaging om die rol van private inrigtings uit te brei, is om 'n omgewing te skep wat nóg volhoubare private inrigtings wat onderwys-gesond is met

oorregulering deur die staat te versmoor, nóg 'n oormaat swak gehalte, onvolhoubare operateurs wat oornag verdwyn, in die hoër onderwysmark toelaat.

2.56 'n Regulerende raamwerk sal onder die Wet op Hoër Onderwys gevestig word, om te verseker dat slegs private inrigtings met die nodige infrastruktuur en hulpbronne om hoër onderwysprogramme van gehalte aan te bied en te handhaaf, geregistreer sal word. Sodanige programme sal geakkrediteer moet wees deur prosedures wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO), as deel van die NKR, gevestig is.

Afstandsonderrig en hulpbron-gebaseerde studie

2.57 Afstandsonderrig en hulpbron-gebaseerde studie, gebaseer op die beginsels van ope studie, het 'n uiters belangrike rol om te vervul om die uitdaging van verhoogde toegang, diversiteit in die studentegemeenskap en verbeterde gehalte, in 'n konteks van hulpbronbeperkinge, die hoof te bied. Dit laat studie toe om plaas te vind in verskillende kontekste, op 'n veelvoud van terreine, teen die student se eie tempo, deur baie mediums en 'n verskeidenheid van studie- en onderrigbenaderings.

2.58 Verder beteken die ontwikkeling van hulpbron-gebaseerde studie reg deur die hoër onderwysstelsel dat die gehalte en sukses van onderrig nie noodwendig afhanklik is van 'n styging in personeelvlakke in tandem met verhoogde inskrywings nie. Met ander woorde, deur 'n nasionale raamwerk van plooibare studie te bereik, kan beter gebruik gemaak word van skaars en duur fisiese hulpbronne, vak- en onderrigkundigheid.

2.59 Afstandsonderrig en hulpbron-gebaseerde studie is besonder toepaslik vir studente wat reeds werk, of vir die wie dit nodig is om te verdien ten einde studiekostes te dek. Baie van hierdie studente sal voorafgaande studie en ondervinding van 'n onkonvensionele aard aanbied, en afstandsonderrig- en hulpbrongebaseerde verskaffers is ideaal geplaas om baanbrekerswerk te doen in die evaluering van voorafgaande studie en ondervinding vir toegangsdoeleindes.

2.60 Afstandsonderrig en hulpbron-gebaseerde studie is gunstig geplaas vir uitbreiding, gegewe die bestaande infrastruktuur op hierdie terrein, in die openbare sowel as die private sektore. Dit is duidelik dat uitbreiding nie kan plaasvind sonder bykomende beleggings nie, veral in studietegnologie, personeelontwikkeling en studente-ondersteuning. Net soos ander dele van die hoër onderwysstelsel baie leemtes het, is die Minister van Onderwys besorg oor die doeltreffendheid, toepaslikheid en doelmatigheid van baie van die bestaande verskaffing van afstandsonderrig. Daar is aansienlike bewyse van selfondersoek en verandering in die geledere van afstandsonderrigverskaffers, maar groot transformasie-vereistes word by verre nie nagekom in baie inrigtings nie, en daar is steeds baie werk om te doen om inrigtingsmissies te herfokus, kursusmateriaal te moderniseer, studente-ondersteuning te

verbeter, en om noodsaaklike doeltreffendheidshervormings en koste-effektiewe beplanning te onderneem, sodat die gehalte van verskaffing en prestasie verbeter word.

2.61 Die Ministerie ondersteun die ontwikkeling van 'n nasionale netwerk van sentrums van innovering in kursusontwerp en -ontwikkeling, aangesien dit die ontwikkeling en verspreidingsreg van goed ontwerpte, koste-effektiewe studiehulpbronne en kursusse, wat voortbou op die kundigheid en ervaring van hoë gehalte vakkundiges en opvoeders in verskillende dele van die land, sal bevorder.

2.62 Voorts sal kontak- en afstandsonderrig-inrigtings aangemoedig word om doeltreffende en plooibare studie-omgewings te verskaf op 'n kontinuum van onderwysvoorsiening waarbinne dosente in staat sal wees om uit 'n toenemende reeks onderwysmetodes en -tegnologie daardie te selekteer wat die mees toepaslike is in die konteks waarin hulle funksioneer. Hierdie ontwikkeling, tesame met 'n streeksnetwerk van studiesentrums, sal nie slegs toegang verbreed nie, maar gehalte-onderrig, veral in landelike gebiede en minder goeie stedelike inrigtings, vergemaklik.

2.63 Ter opsomming, afstandsonderrig en hulpbron-gebaseerde studiebenaderings het groot potensiaal om lewenslange studie te integreer met die basiese vorm en struktuur van hoër onderwys, en om die toegang van studente tot gehalte-programme te verhoog. Die Ministerie van Onderwys is daartoe verbind om te help om die nuwe onderrig- en studietegnologie aan te wend, veral deur middel van sy "tegnologies-verbeterde studie-inisiatief (TVSI)."

2.64 Die lewensvatbaarheid daarvan om 'n duidelike nasionale raamwerk te skep om afstandsonderrig en hulpbron-gebaseerde studie reg deur die hoër onderwysstelsel te vergemaklik, benodig 'n nasionaal-geborgde studie. Die ondersoek moet 'n omvattende audit van bestaande openbare en private afstandsonderrig- en hulpbron-gebaseerde studieverskaffing insluit, ooreenkomstig programme van gehalte, koste-effektiwiteit en doeltreffendheid, om sodoende sterk en swak punte te evalueer. Die resultaat behoort 'n duidelike agenda vir verbetering te wees, asook leiding ten opsigte van toekomstige beleid, beplanning en belegging te verskaf. Die Ministerie sal 'n Taakgroep aanwys om hierdie ondersoek te doen, in samewerking met die RHO, na toepaslike oorlegpleging met die afstandsonderrig- en hulpbron-gebaseerde studie-gemeenskap.

'N KWALIFIKASIERAAMWERK VIR HOËR ONDERWYS

2.65 Afsonderlike en parallelle kwalifikasiestrukture vir universiteite, teknikons en kolleges het artikulasie en oordrag tussen inrigtings en programme belemmer, horisontaal sowel as vertikaal. Die ondeurdringbaarheid van meerjarige graad- en diplomaprogramme is 'n verdere hindernis vir beweeglikheid en vordering. Dit is duidelik onhoudbaar in die lig van die nuwe NKR en die program-gebaseerde benadering tot hoër onderwys, wat daarop gemik is om

horisontale en vertikale beweeglikheid deur plooibare toetree- en uittree-kwalifikasies te verhoog.

2.66 Die Ministerie ondersteun die beginsel dat 'n enkele kwalifikasieraamwerk ontwikkel moet word vir alle hoër onderwyskwalifikasies, in lyn met die NKR. In beginsel behoort die raamwerk te bestaan uit 'n stel trappe vir kwalifikasies op hoër onderwys sertifikaat-, diploma- en graadvlakke, insluitend oorgangsuittree-kwalifikasies binne meerjarige kwalifikasies. Verder behoort alle hoër onderwysprogramme, nasionaal of institusioneel, op die NKR geregistreer te wees, ten minste op die uittreevlak van 'n kwalifikasie.

2.67 Die insluiting van akademiese kwalifikasies binne 'n nasionale raamwerk is nie 'n eenvoudige saak nie en, heel toepaslik, was dit al die onderwerp van intense debatvoering. SAKO het bepaal dat eenheidstandaarde sowel as volledige kwalifikasies voorgelê kan word vir registrasie op die NKR. Dit behoort die ernstige kommer onder baie akademiese personeel te verlig dat eenheidstandaard-metodologie, en die opbou van kwalifikasies uit veelvoudige eenhede van studie, nie 'n toepaslike grondslag vir sekere akademiese programme is nie. Die Ministerie is vol vertroue dat ander sake wat kommer wek in die hoër onderwysstelsel met die ontwikkeling van die NKR, bevredigend opgelos kan word binne die toepaslike SAKO-strukture.

2.68 Die totstandkoming van SAKO, met die volle en aktiewe deelname van die verskaffers van hoër onderwys, is 'n mylpaal en plaas die evolusie van die NKR in Suid-Afrika op die voorpunt van sodanige stelsels wêreldwyd.

'N STELSEL VAN GEHALTEVERSEKERING VIR HOËR ONDERWYS

2.69 Die primêre verantwoordelikheid vir gehalteversekering berus by die hoër onderwysinrigtings. Daar is egter 'n belangrike rol vir 'n oorkoepelende nasionale owerheid wat verantwoordelik is vir gehaltebevordering en -versekering reg deur die stelsel.

2.70 Dienooreenkomstig sal die Wet op Hoër Onderwys voorsiening maak vir die koördinerende van gehalteversekering binne hoër onderwys deur 'n Hoër Onderwys-Gehalte-komitee (HOGK) wat as 'n permanente komitee van die RHO ingestel sal word. Die instelling van die HOGK, sy registrasie by SAKO en sy modus operandi sal bepaal word deur die RHO, binne die raamwerk en prosedure-riglyne wat deur SAKO ontwikkel is.

2.71 Die funksies van die HOGK sal programakkreditering, inrigtingsouditering en gehalteverbetering insluit. Dit behoort te funksioneer binne 'n ooreengekome raamwerk ondersteun deur:

- die formulering van kriteria en prosedures in ooreenstemming met hoër onderwysinrigtings

- 'n formatiewe begrip van gehalteversekering, gefokus op verbetering en ontwikkeling eerder as strafsanksies
- 'n mengsel van institusionele self-beoordeling en eksterne onafhanklike waardebeoordeling.

TOELATINGS- EN KEURINGSPROSEDURES

2.72 Die Ministerie is daartoe verbind om toe te sien dat die minimum statutêre vereiste vir toelating tot alle hoër onderwysprogramme in die toekoms die slaag van die voorgestelde Verdere Onderwys- en Opleidingsertifikaat (VOOS) sal wees. Inrigtings sal steeds die reg hê om toelatingsvereistes as toepaslik buitekant die statutêre minimum te bepaal. In die uitoefening van hierdie reg behoort hulle te verseker dat keuringskriteria sensitief is vir die opvoedkundige agtergrond van voornemende studente, en dat dit die erkenning van voorafgaande studie inkorporeer as 'n noodsaaklike konsep in die uitbreiding van die NKR.

2.73 Die NKR maak voorsiening vir verskillende roetes - formele skoolopleiding, volwasse basiese onderwys en opleiding en erkenning van voorafgaande studie, of 'n kombinasie hiervan - om die voorgestelde VOOS te verwerf. Baie bekwame, volwasse aansoekers vir standaardtoegang en ope studieprogramme mag egter nie die kans gehad het om aan al die vereistes van die VOOS te voldoen nie. Die Ministerie ondersteun ontwikkelingswerk ten sterkste, asook loodsprojekte wat inrigtings sal help om kriteria te ontwikkel om aansoekers se voorafgaande studie en ondervinding te evalueer, sodat diegene met duidelike potensiaal om van hoër onderwys 'n sukses te maak, toegelaat kan word.

2.74 Tydens die periode wat die volle inwerkingstelling van die NKR en die instelling van die VOOS voorafgaan, sal die bestaande matrikulasievereistes van krag bly, maar die beelidsaanwysings in 2.67 en 2.68 is net soveel van toepassing in die interim.

2.75 'n Nasionale Hoër Onderwys-Inligtings- en Toelatingsdiens (met streeksentrums) sal ingestel word om die administrasie van studente-aansoeke te vergemaklik, die inligtingsbehoefte van aansoekers te bevredig, en om loopbaanvoorligting te verskaf, insluitend inligting oor neigings in die arbeidsmark.

2.76 Die Ministerie erken dat die instelling van 'n nasionale diens van hierdie aard aansienlike probleme met betrekking tot ontwerp en toepassing sal meebring, en dit is dus onwaarskynlik dat dit in die korttermyn in werking sal tree. Die Ministerie is gevolglik ten gunste van streeksinisiatiewe wat as loodsprogramme vir 'n nasionale diens sal dien. Die streekskonsortiums en die RHO sal belangrike rolle speel in die advisering oor hulle ontwikkeling.

TAALBELEID

2.77 Die Grondwet gee volle erkenning aan die feit dat Suid-Afrika 'n veeltalige land is, en veeltaligheid is 'n fundamentele doelwit van nasionale taalbeleid in algemene en verdere onderwys soos deur die Minister bepaal kragtens die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996. Suid-Afrika se ryke taalerfenis bied vele geleenthede en uitdagings aan die hoër onderwyssektor, maar tot dusver was daar geen nasionale beleidsraamwerk waarbinne die hoër onderwysinrigtings hulle eie institusionele taalbeleid en -programme kon instel nie, en wat die Minister van Onderwys in staat sou stel om ondersteuning te verleen aan die bereiking van nasionale taaldoelwitte nie.

2.78 Die skepping van 'n gesaghebbende en verteenwoordigende Raad vir Hoër Onderwys sal die onderwyssektor in staat stel om gesamentlike verantwoordelikheid te aanvaar om die taalsituasie in hoër onderwysinrigtings te ondersoek en advies te verleen oor taalbeleid aan die Minister van Onderwys. Hierdie saak is dringend genoeg dat die Ministerie die Raad sal versoek om advies te lewer oor die ontwikkeling van 'n nasionale taalraamwerk vir hoër onderwys as 'n integrale komponent van die eerste nasionale hoër onderwysplan. Sodoende sal daar van die Raad verwag word om die advies en samewerking van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad in te win.

2.79 Die nuwe nasionale raamwerk sal gegrond wees op die grondwetlike taalbepalings, die visie, missie, beginsels en doelwitte vir hoër onderwys omskryf in Hoofstuk 1, en die finale verslag van die Taalplan-taakgroep ("LANGTAG"): *Towards a National Language Plan for South Africa* (1996). Die beleidsraamwerk sal die volgende kwessies moet aanspreek:

- die taal of tale van studie (medium of mediums van onderrig) in hoër onderwysinrigtings, met inagneming van die fundamentele reg van persone om, waar dit redelik uitvoerbaar is, onderwys in die amptelike taal of tale van hulle keuse in openbare opvoedkundige inrigtings te ontvang, en die staat se plig om doeltreffende toegang tot en toepassing van hierdie reg (artikel 29(2) van die Grondwet) te verseker
- die taal of tale van kommunikasie binne hoër onderwysinrigtings
- die rol van hoër onderwys in die bevordering van en die skep van toestande vir die ontwikkeling van alle Suid-Afrikaanse tale, insluitend die amptelike tale, die Khoi-, Nama- en San-tale, en Gebaretaal, en om die status van die inheemse tale van ons mense te verhoog en die gebruik daarvan te bevorder
- die rol van hoër onderwys om genoeg taalonderwysers, tolke, vertalers en ander taalpraktisyns voor te berei om die behoeftes van ons veeltalige gemeenskap te bedien

- die rol van hoër onderwys in die bevordering van die taal-gebaseerde kunste
- die rol van hoër onderwys om Suid-Afrikaners voor te berei vir doeltreffende linguistiese kommunikasie met die res van Afrika en die wêreld op die terreine van kultuur, diplomatie, wetenskap en die sakewêreld.

2.80 Sodra die nasionale hoër onderwys taalbeleidsraamwerk goedgekeur is, na volle oorlegpleging, sal dit in werking gestel word deur die drie-jaar rollende nasionale hoër onderwysplan en die onderskeie institusionele planne, waardeur die openbare finansiering van hoër onderwysinrigtings onderhandel sal word.

2.81 Hoër onderwysinrigtings sal kragtens die Wet op Hoër Onderwys bemaatig word om hulle institusionele taalbeleid te bepaal, onderworpe aan die Grondwet. In hulle institusionele planne, sal hulle die geleentheid hê om te demonstreer hoe hulle institusionele taalbeleid sal bydra tot die bereiking van die doelwitte van die nasionale hoër onderwys-taalbeleidsraamwerk.

NAVORSING

2.82 Die skepping, bevordering en verspreiding van kennis en die ontwikkeling van hoër vlak menslike hulpbronne is kernfunksies van die hoër onderwysstelsel. Navorsing speel 'n sleutelrol in beide hierdie funksies. Dit is die hoofinstrument vir die skepping van nuwe kennis. Die verspreiding van inligting deur onderrig en samewerking met betrekking tot navorsingstake is die hoofinstrumente om akademiese en navorsingspersoneel deur nagraadse studie en opleiding te ontwikkel.

2.83 Die huidige kapasiteit, verspreiding en resultate van navorsing in die hoër onderwysstelsel bied rede tot kommer. In die besonder:

- daar is onvoldoende artikulasie tussen die verskillende elemente van die navorsingstelsel, en tussen die navorsingstelsel en nasionale behoeftes vir maatskaplike, ekonomiese, kulturele en intellektuele heropbouing
- daar is onvoldoende navorsingskapasiteit in hoër onderwys, en bestaande kapasiteit is swak gekoördineer en nie voldoende gekoppel aan nagraadse studies nie
- daar is ernstige ras- en geslagswanbalanse in die demografiese samestelling van navorsers in hoër onderwys, navorsingsrade, en private sektor navorsingsinstellings
- die verspreiding van navorsingskapasiteit in hoër onderwysinrigtings is skeefgetrek. Onder apartheid was die ontwikkeling van navorsingskapasiteit in swart universiteite beperk, en die HOI's het slegs onlangs navorsing by hulle kernfunksies geïntegreer; terwyl 'n

navorsingsmandaat slegs gedurende die onlangse jare in die institusionele missie van teknikons ingesluit is.

2.84 Terselfdertyd het die aard van die navorsingsomgewing radikale verandering ondergaan deur:

- die ontwikkeling van veelvuldige plekke van navorsings- en kenniskepping, wat gedeeltelik of heeltemal van hoër onderwys geskei is, insluitend nywerheidslaboratoriums, korporatiewe navorsingseenhede, parastatale organisasies, statutêre navorsingsrade en NRO's, of deur samewerking tussen hierdie navorsingsorganisasies
- die impak van transdissiplinêre en transinstitusionele navorsing
- nuwe vorme van kommunikasie - die inligtingsnelweg - wat toegang tot data en navorsingsbevindinge versnel en verbreed het.

2.85 Die prosesse van aanspreeklikheid wat uit die veranderende aard van die navorsingsomgewing voortvloei, is veel breër as daardie wat met tradisionele navorsing in die hoër onderwysstelsel geassosieer word. Die resultate van navorsing word nie slegs gemeet deur middel van tradisionele instrumente soos byvoorbeeld portuuroorsigte nie, maar ook deur 'n breër reeks van aanwysers soos byvoorbeeld nasionale ontwikkelingsbehoefte, nywerheidsinnovering en gemeenskapsontwikkeling.

2.86 Daarom staan die navorsingstelsel in Suid-Afrika vandag voor twee hoofuitdagings. Dit moet die ongelykhede van die verlede regstel en navorsingskapasiteit versterk en diversifiseer. Dit moet ook op die hoogte bly van opkomende wêreldneigings, in besonder die ontwikkeling van deelnemende en toepassingsgedrewe navorsing wat kritieke nasionale behoeftes aanspreek, wat samewerking tussen kenniskeppers, kennisvertolke en kennisbestuurders en -toepassers vereis.

2.87 Dit het verreikende implikasies vir hoër onderwys indien hy sy voortreflike rol in die nasionale navorsingstelsel wil handhaaf en versterk en bydra tot heropbouing en ontwikkeling. Hy moet sy kapasiteit verbreed om navorsing oor die volle spektrum te onderneem, naamlik tradisionele of basiese navorsing, toepassingsgedrewe navorsing, strategiese navorsing, en deelnemings-gebaseerde navorsing, in vennootskap met ander belanghebbende in die nasionale navorsingstelsel.

2.88 Daar is bemoedigende ontwikkelings in hierdie rigting, wat verder versterk moet word, soos byvoorbeeld die Tegnologie- en Menslike Hulpbronne vir Nywerheid-program (TMHNP), wat bestaan uit 'n vennootskap tussen hoër onderwysinrigtings, die sake-sektor, die nywerheidsektor en die regering. TMHNP het ten doel om die mededingendheid van die Suid-

Afrikaanse nywerheidsektor, klein en groot, deur die ontwikkeling van vaardighede in wetenskap, ingenieurswese en tegnologie te ontwikkel.

2.89 Die kapasiteit van die nasionale navorsingstelsel om innoverende projekte te ontwikkel wat oor die navorsingspektrum strek, is krities afhanklik van die voortgesette groei en ontwikkeling van tradisionele of basiese navorsing binne die hoër onderwysstelsel. Die belangrikheid van tradisionele of basiese navorsing moet beklemtoon word, aangesien dit noodsaaklik is vir die kweek van 'n nasionale intellektuele kultuur, wat hoë vlak en dissipline-gerigte menslike hulpbronne genereer, en geleenthede verskaf om in voeling te bly met internasionale wetenskaplike ontwikkelinge - wat almal innovering vergemaklik. Die hoër onderwysstelsel is in werklikheid 'n integrale komponent van die Nasionale Stelsel vir Innovasie (NSI), wat in die Witskrif oor Wetenskap en Tegnologie (1996) omskryf is.

2.90 Die versterking van hoër onderwys se rol in die nasionale navorsingstelsel vereis toenemende hedendaagse navorsingskapasiteit wat die bestaande navorsingshulpbronne beskerm, nuwe bronne vir die finansiering van navorsing vind, en wat al hierdie hulpbronne meer doeltreffend aanwend. Verder moet bestaande navorsingskapasiteit, in besonder die nasie se sentrums van navorsingsvoortreflikheid, volgehou word, en noodsaaklike nuwe sentrums geskep word, ten spyte van die druk van numeriese uitbreiding, diversifikasie en begrotingsnood.

2.91 Die Ministerie van Onderwys ondersteun dus die volgende maatreëls:

- Die ontwikkeling van 'n nasionale navorsingsplan wat nasionale prioriteite vir navorsing en nagraadse opleiding sal identifiseer, asook prosesse vir die identifikasie en vestiging van sentrums van voortreflikheid en nisterreine, mikpunte en prestasie-aanwysers om regstelling te bereik deur die ontwikkeling van 'n meer verteenwoordigende navorsingsgemeenskap, en aansporingsmaatreëls vir samewerking en vennootskappe, in besonder op die streeksvlak, in navorsing en nagraadse opleiding. Die Nasionale Navorsings- en Tegnologie-oudit en die Navorsings- en Tegnologie-versiendheid, wat tans deur die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT) onderneem word, en die Nywerheidsgroepstudies wat tans deur die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) bestuur word, sal waardevolle hulpbronne verskaf in die ontwikkeling van 'n nasionale navorsingsplan. Op sy beurt sal die Ministerie die RHO versoek om in samewerking met die Nasionale Navorsingstigting (NNS), tydige advies te lewer oor die huidige stand en toekomstige behoeftes van navorsingsinfrastruktuur en -kapasiteit, insluitend institusionele regstelling in die hoër onderwysstelsel.
- Groter artikulasie en koördinasie van navorsingsaktiwiteite en finansiering tussen verskillende staatsdepartemente en die Wetenskapsrade. In die geval van die Departement van Onderwys en DKKWT word tasbare uitdrukking aan sodanige artikulasie

gegee, deur erkenning te verleen aan die gelyklopende bevoegdheide van die twee ministers in die vestiging van die voorgestelde NNS en deur die erkenning van DKKWT, in die geval van nie-stemgeregtigde lede, en die NNS as belanghebbers vir doeleindes van nominasie op die RHO.

- 'n Verhoging in die verhouding van private en openbare finansiering van navorsings- en ontwikkelingsbesteding wat in hoër onderwys bestee word, deur vennootskappe tussen die betrokke staatsdepartemente, wetenskapsrade, hoër onderwysinrigtings, NROs en die private sektor aan te moedig.
- Geoormerkte uitbreiding van die institusionele basis vir navorsing deur regstellingsfinansiering vir die HOIs, in lyn met nasionale prioriteite en die oorkoepelende ontwikkeling van 'n uitgebreide en diverse hoër onderwysstelsel. Geoormerkte fondse vir die ontwikkeling van die navorsingskapasiteit by teknikons sal ook oorweeg word.
- Die toegang van swart en dames studente tot meesters, doktorale en na-doktorale programme prioritiseer en die ontwerp van 'n menslike hulpbronontwikkelingsplan vir hoër onderwys.
- Die ontwikkeling van toepaslike finansieringsmeganismes (wat in Hoofstuk 4 beskryf word).

DIE BOU VAN KAPASITEIT EN MENSLIKE HULPBRONONTWIKKELING

2.92 Die suksesvolle ontwikkeling van 'n enkele gekoördineerde stelsel vereis meer as net toewyding aan transformasie. Dit is krities afhanklik van die bou en versterking van kapasiteit op alle terreine - akademies, bestuur, staatsbestuur en infrastruktureel - om uitvoering te gee aan nuwe beleid en om die doeltreffende funksionering van die uitgebreide en getransformeerde hoër onderwysstelsel te verseker. In die besonder sal aandag geskenk word aan:

- bestuur, insluitend die bestuur van verandering, leierskap en strategiese beplanning op inrigtings- en nasionale vlakke
- samewerkende bestuur van die stelsel op alle vlakke
- ontwikkeling van Verteenwoordigende Studenterade
- ontwikkeling en handhawing van 'n bestuursinligtingstelsel vir hoër onderwys
- gehalte-onderrig en studie teen die agtergrond van 'n uitgebreide en diverse stelsel
- bevordering van navorsing

- voorsiening van administratiewe, infrastrukturele (insluitend biblioteek- en inligtingstechnologie) en ander ondersteuning vir onderrig, studie en navorsing.

2.93 Die Ministerie gee erkenning aan die feit dat, terwyl hoër onderwysinrigtings primêr verantwoordelik is vir die bou van kapasiteit, daar 'n behoefte is aan nasionale aanspoeringsmaatreëls om institusionele en streekskapasiteitsbouprogramme te vergemaklik. Die Departement van Onderwys, in samewerking met die RHO, sal 'n beleidsraamwerk en finansieringsmeganismes ontwikkel om institusionele, streeks- en nasionale kapasiteitsbouprogramme te ondersteun en te bevorder. Dit sal vennootskappe tussen hoër onderwysinrigtings, NROs, die private sektor en internasionale agentskappe vereis, met ondersteuning van die Departement van Onderwys.

2.94 Menslike hulpbronontwikkeling vir die hoër onderwysstelsel is besonder belangrik. Anders as in die geval van die veranderende studenteprofiel, in die besonder in voorgraadse programme, slaag die samestelling van personeel in hoër onderwys nie daarin om demografiese realiteite te weerspieël nie. Swart mense en vroue is erg onderverteenvoerdig, veral in senior akademiese en bestuursposisies.

2.95 Die Ministerie erken dat die versperrings tot toegang gekompliseerd is en dat die bou van menslike hulpbronne-kapasiteit die tweeledige uitdagings van billikheid en ontwikkeling inhou. Die probleem is breër as die regstelling van die apartheidsfenis. In die geval van vroue weerspieël dit diep-gesetelde seksistiese ideologieë wat oor ras en klas strek. 'n Bemagtigingsomgewing is nodig wat die maatskaplike beperkinge, wat die beweeglikheid van vroue belemmer, oorkom. Hierdie beperkinge sluit in ontoereikende of geen kinderversorgingsgeriewe nie, en ontoereikende kraamvoordele.

2.96 Daar sal van inrigtings verwag word om menslike hulpbron-ontwikkelingsplanne voor te lê, insluitend billikheidsdoelwitte, as deel van hulle drie-jaar rollende planne. MHO-planne sal die volgende moet insluit:

- personeelwerwing- en bevorderingsbeleid en -praktyke
- personeelontwikkeling, insluitend akademiese ontwikkeling, naamlik verbeterde kwalifikasies, professionele ontwikkeling en loopbaanbeplanning, onderrigontwikkeling, bestuursvaardighede, die vernuwing van tegnologiese vaardighede, en 'n toepaslike organisatoriese omgewing en ondersteuning
- vergoeding en diensvoorwaardes, met inagneming van die toenemende mededinging van die openbare en private sektore vir goed gekwalifiseerde swart mense, en vroue
- beloningstelsels, insluitend sabbatsverlof, kongresbywoning, akademiese kontakbesoeke, en
- die transformasie van inrigtingskulture om diversiteit te ondersteun.

HOOFSTUK 3

BESTUUR

TRANSFORMASIE

3.1 Die transformasie van die strukture, waardes en kultuur van bestuur is 'n noodsaaklikheid vir Suid-Afrikaanse hoër onderwys, nie 'n opsie nie. Hoër onderwysinrigtings is kardinale deelnemers in die massiewe veranderinge wat ons gemeenskap ondergaan en in die intellektuele, ekonomiese en kulturele uitdagings van die nuwe wêreldorde. Vir die eerste maal in hulle geskiedenis het ons hoër onderwysinrigtings die geleentheid om hulle volle potensiaal te bereik, maar dit sal nie gebeur voordat hulle bestuurstelsel nie die waardes en praktyke van ons nuwe demokrasie weerspieël en versterk nie. Verder is totaal getransformeerde bestuursreëlins nodig om die ontwikkeling van 'n enkele, geïntegreerde nasionale hoër onderwysstelsel te bepaal en te stuur. Die transformasie van bestuur in die nasionale stelsel en sy inrigtings is dus 'n fundamentele beleidsverbintenis van die Ministerie van Onderwys.

'N BESTUURSMODEL

3.2 Bestuursreëlins weerspieël waardes aangaande die verspreiding en uitoefening van gesag, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Die Ministerie is ten volle daarvan bewus dat bestuur in hoër onderwysinrigtings steeds deur 'n stryd om beheer, gebrek aan konsensus en selfs konflik oor verskillende interpretasies van hoër onderwystransformasie gekenmerk word. Verskillende sienswyses en verwagtings met betrekking tot hoër onderwys kom in oorfloed voor onder werkgewers, voormalige studente en ander lede van die breër gemeenskap. Onder diegene wat tans regstreeks by die proses van hoër onderwys betrokke is - in besonder, studente, akademiese personeel, administratiewe personeel, dienspersoneel, en inrigtingsbestuurders - is daar dikwels mededingende sienswyses en prioriteite wat tot spanning en somtyds tot onrus lei.

3.3 Goeie bestuur moet gebaseer wees op 'n erkenning van die bestaan van sodanige verskillende belange en die onvermydelikheid van geskille tussen hulle, en moet dus strukture skep en prosesse aanmoedig wat dit moontlik sal maak om verskille op 'n deelnemende en deursigte wyse te besleg. Suksesvolle onderhandeling en 'n praktyk van samewerking is afhanklik daarvan dat die partye ooreenstemming bereik oor die missie van die inrigting en hulle gesamentlike verantwoordelikhede teenoor die inrigting.

3.4 Plaaslike sowel as internasionale ondervinding bevestig die belangrikheid daarvan dat regerings moet saamwerk met inrigtings van die burgerlike gemeenskap in 'n gees van vennootskap en wedersydse afhanklikheid. Die uitdagings van moderne gemeenskappe kan

nie die hoof gebied word as enige van die partye alleen optree nie. Dus moet ons bestuursmodel interaktief wees.

3.5 Terselfdertyd het ons demokraties-verkose regering 'n mandaat van sy kieserskorps en is hy aan die Parlement verantwoordelik om te verseker dat die mandaat uitgevoer word. Ministers het 'n plig om leierskap te voorsien. Wanneer al die toepaslike ondersoeke en oorlegplegings afgehandel is, moet 'n Minister die besluit neem en moet hy ook verantwoordelikheid aanvaar vir die gevolge van die besluit.

3.6 In hierdie gees, en met 'n besef van die behoefte om die vyandige verhouding tussen die staat en die burgerlike gemeenskap, wat 'n resultaat is van die apartheids-era, te oorkom, neem die Ministerie van Onderwys 'n model van samewerkingsbestuur vir hoër onderwys in Suid-Afrika aan, gebaseer op die beginsel van outonome inrigtings, wat saamwerk met 'n proaktiewe regering en in 'n reeks vennootskappe.

3.7 Samewerkingsbestuur veronderstel 'n proaktiewe, leidende en konstruktiewe rol vir die regering. Dit veronderstel ook 'n verhouding van samewerking tussen die staat en hoër onderwysinrigtings. Een implikasie hiervan is, byvoorbeeld, dat institusionele outonomie in tandem met openbare aanspreeklikheid uitgeoefen moet word. 'n Ander is dat die Ministerie se oorsigtelike rol nie verantwoordelikheid vir die mikro-bestuur van inrigtings behels nie. 'n Derde implikasie is dat die Ministerie sy rol op 'n deursigte manier sal onderneem.

3.8 Die Ministerie sal die transformasie van die hoër onderwysstelsel deur beleid en strategieë stuur, wat gelei word deur hierdie sienswyse van die rol van die regering en sy verhouding met hoër onderwysinrigtings.

3.9 Die Witskrif oor Onderwys en Opleiding van 1995, het die Ministerie se verbintenis bevestig om 'die tradisie sowel as die wetlike basis van outonome bestuur' van hoër onderwysinrigtings te handhaaf. Die Ministerie herbevestig sy toewyding aan akademiese vryheid en institusionele outonomie, binne die raamwerk van openbare aanspreeklikheid, as fundamentele beginsels van hoër onderwys en sleutelvoorwaardes vir 'n lewenskragtige stelsel.

BESTUUR OP STELSELVLAK

3.10 Om uitvoering te gee aan die transformasie van hoër onderwys in die gees van samewerkingsbestuur, sal die Ministerie die kapasiteit van die Departement van Onderwys se Hoër Onderwysstak vergroot, 'n Raad vir Hoër Onderwys (RHO) vestig, en hervorming van die bestuurstrukture van hoër onderwysinrigtings moontlik maak. Hierdie maatreëls sal geleenthede aan georganiseerde belangegroepes bied om hulle bekommernisse te verwoord en te onderhandel, en sal die regering en die verteenwoordigende bestuurstrukture van die

hoër onderwyssektor toelaat om te beplan en die transformasie en ontwikkeling van die stelsel op 'n geordende wyse deur te voer.

Wetgewende raamwerk

3.11 Die wetgewende raamwerk van hoër onderwys sal deur die Wet op Hoër Onderwys, 1997, ingestel word, wat die regsbasis vir 'n enkele, nasionale hoër onderwysstelsel, op die grondslag van die regte en vryhede van ons demokratiese Grondwet, vestig. Die Wet op Hoër Onderwys vervang die Wet op Universiteite, 1995 (Wet No. 61 van 1995), die Wet op Tersiêre Onderwys, 1988 (Wet No. 66 van 1988), en die Wet op Technikons, 1993 (Wet No. 125 van 1993). Die Wetsontwerp laat egter die privaat wette van individuele universiteite, wat 'n erfenis van die koloniale en statebondstradisie van universiteitsbestuur verteenwoordig, onaangetas.

3.12 Na die oordeel van die Ministerie van Onderwys verhoog die voortgesette bestaan van die privaat wette van universiteite nie die bereiking van 'n geïntegreerde hoër onderwysstelsel nie. In teendeel, dit is onreëlmatig, aangesien nie teknikons of kolleges ingevolge privaat wette bestuur sal word nie, en daar was ook nie enige voorstel dat privaat wette die patroon vir die institusionele bestuur van sulke inrigtings sal word nie. Slegs universiteite het privaat wette, en sulke wette kan slegs op aandrang van die besondere universiteitsraad deur die Parlement gewysig word. Die proses is omslagtig en, gedurende 'n tyd van vinnige institusionele transformasie, mag dit ook agteruitbeweging beteken.

3.13 Sommige mag van mening wees dat die herroeping van privaat wette van universiteite 'n aanslag op institusionele outonomie mag beteken. Na die Ministerie se mening is dit nie so nie, nie méér so nie as dat die afwesigheid van privaat wette vir teknikons of kolleges tans 'n aanslag op hulle institusionele vryhede beteken nie. Institusionele outonomie, vir alle hoër onderwysinrigtings, sal deur die Wet op Hoër Onderwys gewaarborg word, binne die konteks van openbare aanspreeklikheid, soos in hierdie dokument bespreek. Die Wet is 'n raamwerk wat breë riglyne aandui. Dit sal voorsiening maak dat elke inrigting ingevolge sy eie institusionele statuut bestuur word, waar sy bepaalde karakter en bestuurspatroon uitgespel sal word.

3.14 Die Ministerie van Onderwys sal die Raad vir Hoër Onderwys versoek om hierdie saak te ondersoek en daaroor oorleg te pleeg en advies te lewer oor die wenslikheid of nie om die privaat wette van individuele universiteite te laat voortbestaan, in die afwesigheid van sulke privaat wette vir teknikons en kolleges.

Die Raad vir Hoër Onderwys (RHO)

3.15 Die Raad vir Hoër Onderwys sal 'n belangrike statutêre liggaam wees, ingestel om onafhanklike, strategiese advies aan die Minister van Onderwys te verleen oor sake wat

verband hou met die transformasie en ontwikkeling van hoër onderwys in Suid-Afrika, en om gehalteversekering en gehaltebevordering in die hoër onderwyssektor te bestuur.

3.16 Die RHO sal deur sy eie professionele sekretariaat ondersteun word, met 'n uitvoerende beampte aan die hoof daarvan, en sal sy eie bedryfsbegroting beheer.

3.17 Die voorsitter en meeste lede van die RHO sal deur die Minister aangestel word, na 'n proses van openbare nominasie. Die ledetal, in sy geheel, moet so verteenwoordigend moontlik wees van die belange van die hoof-belanghebbers in die hoër onderwysstelsel, en moet in staat wees om advies van gehalte aan die Minister te verleen, gebaseer op deeglike navorsing en oorlegpleging. Die volgende kriteria sal dus die Minister se aanstelling van die ledetal van die RHO lei:

- 'n balans tussen belange van belanghebbers en kundigheid
- rasse- en geslagsverteenwoordigendheid
- grondige kennis en begrip van hoër onderwys
- begrip vir die rol van hoër onderwys in heropbouing en ontwikkeling
- erkende en verklaarde toewyding aan die belange van hoër onderwys

3.18 Die Minister sal die voorsitter en lede van die RHO aanstel ingevolge die bepalings van die Wet op Hoër Onderwys, wat die aantal lede wat aangestel moet word, asook hulle ampstermyn sal spesifiseer. Alhoewel die meerderheid lede deur belanghebbertliggame genomineer sal word, sal hulle op die RHO aangestel word in hulle persoonlike hoedanighede, en sal van hulle verwag word om hulle intellek in belang van die sektor as geheel toe te pas, asook in belang van hulle eie besondere ervaringsterrein. Die Minister sal nominasies deur ten minste die volgende organisasies of liggame oorweeg:

- nasionale organisasies wat studente verteenwoordig
- nasionale liggame wat akademiese personeel verteenwoordig
- nasionale liggame wat nie-akademiese personeel verteenwoordig
- nasionale liggame wat universiteitshoofde verteenwoordig
- nasionale liggame wat teknikhoofde verteenwoordig
- nasionale liggame wat hoofde van onderwyskolleges verteenwoordig
- nasionale liggame wat ander hoër onderwyskolleges verteenwoordig

- nasionale liggame wat hoofde van privaat inrigtings verteenwoordig
- nasionale liggame wat die sektor vir Verdere Onderwys verteenwoordig
- nasionale liggame wat die georganiseerde sakesektor verteenwoordig
- nasionale liggame wat georganiseerde arbeid verteenwoordig
- die Nasionale Navorsingstigting
- die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid

3.19 Die Minister mag ook ander lede van die RHO aanstel, insluitend persone buite die hoër onderwyssektor vanuit persone deur die publiek genomineer, vanweë hulle besondere kundigheid.

3.20 Bykomende lede mag deur die RHO gekoöpteer word vanweë hulle ervaring en kundigheid.

3.21 Nie-stemgeregtigde lede mag genomineer word deur

- die Direkteur-Generaal: Onderwys
- die provinsiale onderwyshoofde
- die Direkteur-Generaal: Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie
- die Direkteur-Generaal: Arbeid.

3.22 'n Uitvoerende Komitee, onder voorsitterskap van die Voorsitter, sal die sake van die RHO lei en die Uitvoerende Beampte se werk rig.

3.23 Daar sal van die RHO verwag word om relevante, tydige en onafhanklike advies te verleen oor aangeleenthede rakende die toestand en ontwikkeling van hoër onderwys. Die Minister sal advies ontvang oor enige ander aangeleenthede waaroor die RHO dit nodig ag om te adviseer en spesifieke aangeleenthede wat van tyd tot tyd deur die Minister verwys word. Die Ministerie sal van die Raad verwag om 'n leidende strategiese rol te speel in die voorgename transformasie van die stelsel, in ooreenstemming met die visie en doelwitte wat in Hoofstuk 1 weergegee is.

3.24 Die Minister sal die RHO raadpleeg in die konteks van die beginsels en doelwitte in Hoofstuk 1 geskets, oor die beplanning van die nasionale hoër onderwysstelsel, groot veranderinge aan die beleidsraamwerk wat die ontwikkeling van die hoër onderwysstelsel beïnvloed, soos byvoorbeeld beleid oor openbare en private finansiering en verskaffing, die

vlak en verdeling van openbare subsidies vir hoër onderwys, vorme van finansiële hulp aan studente, taalbeleid en beleid wat die ontwikkeling van die hoër onderwys-subsektore beïnvloed.

3.25 In die besonder, sal die RHO verantwoordelik wees om die Minister te adviseer oor:

- (a) die missie, behoefte en prioriteite, skale en vorm van die hoër onderwysstelsel, insluitend die nasionale en institusionele planne, met inagneming van nasionale ekonomiese en maatskaplike vereistes, studente-aanvraag, demografie, streeks- en nasionale menslike hulpbronbehoefte, onderrig- en studie-tegnologie en die beskikbaarheid van openbare en private hulpbronne
- (b) die wyses waarop nuwe studie-, onderrig- en kommunikasie-tegnologie ingespan moet word om verbeterde integrasie, billikheid, koste-effektiwiteit en gehalte in die nasionale hoër onderwysstelsel te bereik
- (c) die navorsingskapasiteit en prestasie van die stelsel, insluitend nagraadse opleiding en navorsingsinfrastruktuur en wyses om navorsingsvermoë in histories benadeelde inrigtings te ontwikkel
- (d) taalbeleid, in besonder die ontwikkeling van tale as akademiese tale by hoër onderwysinrigtings
- (e) die bestuur van hoër onderwysinrigtings en die hoër onderwysstelsel
- (f) die beleid, beginsels en kriteria wat die toewysing van openbare fondse onder hoër onderwysverskaffers behoort te bestuur
- (g) die beleid en meganismes vir studente-ondersteuning en akademiese ontwikkeling reg deur die stelsel en in besonder om onderwys-benadeelde studente te help om programme te begin en te voltooi
- (h) die beleid en regulerende raamwerke wat die private verskaffing van hoër onderwys behoort te bestuur
- (i) die bevordering van die gehalte van die stelsel en gehalte-bevordering onder individuele verskaffers en programme, insluitend die beginsels en prosedures wat hulle akkreditasie behoort te bestuur, ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995)
- (j) die kwalifikasie-strukture van hoër onderwys, as deel van die Nasionale Kwalifikasie-raamwerk

(k) die omvang en toereikendheid van kruis-sektorale verbindings, insluitend artikulasie van programme tussen die skoolstelsel, verdere onderwys en opleiding, en hoër onderwys, prosedures vir die erkenning van voorafgaande studie, en die oordraagbaarheid van krediete en kwalifikasies ingevolge die Nasionale Kwalifikasie-raamwerk

(l) die stelsel se prestasie, met betrekking tot beskikbare prestasie-aanwysers, om te identifiseer waar doeltreffendheidsvordering gemaak is en gemaak moet word

(m) streeksamewerking tussen verskaffers, en ander opsies vir rasionalisasie van die stelsel, en waar toepaslik, die samesmelting of sluiting van inrigtings, die herklassifikasie van inrigtings en die oprigting van inrigtings

(n) vordering wat gemaak word om nasionale billikheid en menslike hulpbron-ontwikkelingsdoelwitte te bereik, asook maatreëls om struikelblokke in die bereiking van transformasiedoelwitte te oorkom.

3.26 Daar sal van die RHO verwag word om jaarliks 'n verslag aan die Minister voor te berei oor die algemene toestand van die hoër onderwysstelsel. Hierdie verslag sal deur die Minister in die Parlement ter tafel gelê word en aan die publiek beskikbaar gestel word tydens 'n jaarlikse oorlegplegingskonferensie van hoër onderwysbelanghebbers wat deur die Minister en die RHO byeengeroep sal word om die gesondheid van die stelsel of van 'n besondere sektor van hoër onderwys te bespreek.

3.27 Die Minister sal verplig wees om die RHO se advies in aanmerking te neem en, met die uitsondering van buitengewone omstandighede, om skriftelike redes te verskaf indien hy of sy nie die advies aanvaar nie.

3.28 Die RHO sal verantwoordelik wees vir gehalteversekering en -bevordering in hoër onderwys, deur sy permanente komitee, die Hoër Onderwys Gehalte-komitee (HOGK), wat gedelegeerde bevoegdheid van SAKO vir hierdie doel sal versoek. (Sien paragrawe 2.69 - 2.71 hierbo.) Die RHO sal die reëlins wat hy toepaslik ag tref om binne die beleidsraamwerk en prosedure-riglyne, soos deur SAKO vasgestel, te funksioneer.

Nasionale Taakgroep oor Transformasie (NTGT)

3.29 Die Ministerie het 'n Nasionale Taakgroep oor Transformasie (NTGT) gestig ingevolge 'n resoluie van die Julie 1996 Indaba-spitsberaad oor hoër onderwys. Die Ministerie het ook die Nasionale Raamwerk-ooreenkoms oor Transformasie (NROT) aanvaar, voorberei deur die NTGT op die basis van 'n konsep wat deur die Spitsberaad na hom verwys is, wat hy by inrigtings aanbeveel het. Gedragskodes en konflikoplossing-meganismes word in die NROT aanbeveel, en waartoe die Ministerie hom verbind het om dit te verfyn en versterk om sodoende inrigtings in die proses van transformasie by te staan. Die NTGT se

werksaamhede en programme sal deur die Departement van Onderwys bestuur word. Die NTGT sal 'n sleutelrol speel in die byeenroeping van die jaarlikse oorlegplegingspitsberaad van belanghebbers, asook in die advisering van die Minister aangaande die stand van transformasie in die inrigtings.

Die Hoër Onderwystak van die Departement van Onderwys

3.30 Die Ministerie het 'n nuwe Hoër Onderwystak van die Departement van Onderwys gestig, met 'n Adjunk Direkteur-Generaal aan die hoof daarvan. Die toepaslike funksies van die Departement aangaande beleidsontwikkeling en -beplanning, hulpbrontoewysing en finansiering, inligtingsinsameling en ontleding, en monitering en verslagdoening oor hoër onderwys, is in die Tak gekonsolideer, en word deur ander takke van die Departement van Onderwys ondersteun. Die Tak sal sy hulpbronne vergroot deur uit te kontrakteer asook deur die gebruikmaking van gesekondeerde persone uit die hoër onderwyssektor.

3.31 Met betrekking tot die doelwitte van transformasie, het die Tak, in samewerking met ander takke in die Departement, die volgende hoof-verantwoordelikhede:

- om die Minister te adviseer oor beleidsformulering en nasionale beplanning vir die hoër onderwysstelsel, in die lig van of bykomend tot advies wat reeds deur die RHO verleen is
- om die Minister te adviseer oor die stand van institusionele transformasie
- om inligting te spesifiseer wat deur hoër onderwysinrigtings verskaf moet word en die insameling, dokumentering, prosessering en ontleding van sulke inligting, insluitend die ontwikkeling van vergelykende prestasie-aanwysers
- die bedinging en toewysing van algemene en doelwit-spesifieke fondse aan inrigtings op die basis van institusionele planne, met inagneming van die beplande programdoelwitte en prioriteite van studente-inskrywings volgens terreine en vlakke van studie
- die toewysing van geoormerkte fondse vir individuele en institusionele regstelling en om prestasieverbetering te bevorder
- die ontwikkeling van die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFHS)
- die streng toepassing van die kriteria en prosedures vir die registrasie van private verskaffers van hoër onderwys ingevolge die Wet op Hoër Onderwys
- om inligtingsdienste te verskaf, insluitend daardie dienste wat vereis word om die funksies van die RHO te ondersteun
- die opdra van navorsing wat die Tak in die uitvoering van sy funksies sal ondersteun

- skakeling met en die verskaffing van bystand aan georganiseerde hoër onderwyspersoneel, studente- en bestuursbelangegroep.

3.32 Die Hoër Onderwystak en die Raad vir Hoër Onderwys sal saamwerk in die onderneming van hulle onderskeie funksies, deur inligting te deel en gesamentlik deel te neem aan vergaderings en projekte waar toepaslik. Die Hoër Onderwystak sal ook aktief betrokke wees by inter-departementele werksaamhede wat daarop ingestel is om die samehangendheid van die regering se oorkoepelende benadering tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te verbeter, insluitend kunste, kultuur, wetenskappe en tegnologie, navorsing en ontwikkeling, arbeidsvoorsiening en die skep van vaardighede, gesondheid en maatskaplike regverdigheid.

INSTITUSIONELE BESTUUR

3.33 Dit is die verantwoordelikheid van hoër onderwysinrigtings om hulle eie sake te bestuur. Die Ministerie het geen verantwoordelikheid of begeerte om inrigtings te mikro-bestuur nie. Dit is ook nie wenslik vir die Ministerie om té voorskriftelik te wees in die regulerende raamwerke wat hy vestig nie. Diversiteit en plooibaarheid is belangrike aspekte van institusionele reaksie op verskillende behoeftes en omstandighede. Dit is slegs in uiterste omstandighede dat die Minister van Onderwys, as die verantwoordelike verteenwoordiger van die verkose regering van die land, dit sal oorweeg om in te meng om sodoende bystand te verleen om die goeie orde en wettige bestuur in 'n inrigting, soos beoog in par. 3.45, reg te stel.

Rade

3.34 Rade is die hoogste besluitnemingsliggame van openbare inrigtings. Hulle is verantwoordelik vir die goeie orde en bestuur van inrigtings en vir hulle missie, finansiële beleid, prestasie, gehalte en reputasie. Om openbare vertroue te handhaaf, behoort rade 'n meerderheid van minstens 60 persent van lede buite die inrigting in te sluit. Rade behoort nie betrokke te wees by die daaglikse bestuur van inrigtings nie, aangesien dit die verantwoordelikheid is van hulle uitvoerende bestuur, gelei deur die visekanselier, rektor of prinsipaal, wat op sy beurt teenoor die raad aanspreeklik is.

3.35 Die transformasie van rade deur 'n deelnemende demokratiese proses, wat al die betrokke en erkende belanghebbers insluit, is 'n kritiese eerste stap in die skepping van strategieë vir die transformasie van inrigtings. Getransformeerde rade, wat die ondersteuning en respek van alle belanghebbers geniet, sal dan in staat wees om 'n doeltreffende rol te speel in die vestiging van die nodige beleid en strukture vir die transformasie van inrigtings.

Forums

3.36 Die Ministerie moedig die betekenisvolle betrokkenheid van studente en personeel aan in alle permanente bestuurstrukture van die inrigtings, insluitend rade. Hulle deelname aan die Breë Transformasie-forum is nie 'n plaasvervanger vir lidmaatskap en verantwoordelike deelname aan ander formele bestuurstrukture van die inrigtings nie.

3.37 Nieteenstaande gaan die Ministerie voort om die vestiging en werking van Breë Transformasie-forums sterk te ondersteun. Ten beste het hulle verrys as strukture in en deur wie institusionele belanghebbers kan verenig om gesamentlik die agenda, rooster en strategieë vir transformasie te bepaal, om gedragskodes voor te berei, om tot dispuut-oplossingsprosedures toe te stem en dit deur te voer, en om nuwe wetgewing te formuleer. Waar BTFs nog nie ingestel is nie, in onbruik verval het, of verontagsaam is, word rade en inrigtings gelas om hulle te vestig en aan hulle die verskuldigde status en erkenning te verleen, binne die raamwerk van transformasie-beleid, soos omskryf in hierdie Witskrif. Die samestelling, funksies en prosedures van sulke forums sal verskil volgens die behoeftes en omstandighede van inrigtings. Die lewensduur van strukture wat ingestel is spesifiek vir die transformasieproses mag beperk wees, en van inrigting tot inrigting verskil. Inrigtings mag besluit om formele erkenning of nie aan hulle te verleen in hulle private wette of statute.

3.38 Die Ministerie erken egter die behoefte vir die vestiging van permanente institusionele forums wie se funksies die volgende kan insluit:

- vertolking van nuwe nasionale beleidsraamwerk
- identifisering en instemming oor probleemterreine wat aangespreek moet word
- betrokkenheid by die keuring van kandidate vir top bestuurposisies
- die daarstelling van die veranderingsagenda, insluitend die ras- en geslagsbillikheidsplanne (sien hieronder)
- verbetering van die institusionele kultuur (sien hieronder)
- die verskaffing van 'n forum om belange te bemiddel en dispute te beslis
- deelname aan die hervorming van bestuurstrukture
- die ontwikkeling en bedinging van 'n gedragskode
- die monitering en evaluasie van verandering (Sien NKHO, 1996: 205.)

3.39 Die Wet op Hoër Onderwys sal voorsiening maak vir die vestiging van 'n verteenwoordigende institusionele forum as 'n komitee van die Raad van elke hoër onderwysinrigting.

Studente-diensraad

3.40 "Studente ondersteuningsdienste in hoër onderwysinrigtings verskaf persoonlike, loopbaan-, kurrikulum- en onderwysvoorligting en -berading, lewensvaardighede en sportprogramme, gesondheids- en finansiële hulpdienste, en studente-behuisingsgeriewe" (NKHO, 1996: 205). Die Ministerie gelas elke inrigting om 'n Studente-diensraad te vestig, met 'n beleidsadviserende rol in studente-dienste. Hierdie raad moet demokraties saamgestel wees, maar onder voorsitterskap van 'n senior uitvoerende lid van die inrigting.

Institusionele kultuur

3.41 Die Ministerie het ernstige kommer oor bewyse van geïnstitusionele vorme van rassisme en seksisme, asook die voorkoms van gewelddadige gedrag op baie kampusse van hoër onderwysinrigtings. Dit is noodsaaklik om die ontwikkeling van institusionele kulture te bevorder, wat waardes sal vergestalt en gedrag, gemik op vreedsame vergadering, rekonsiliësie, respek vir verskille en die bevordering van die algemene heil sal vergemaklik.

3.42 Die Ministerie stel voor dat alle hoër onderwysinrigtings meganismes behoort te ontwikkel wat:

- 'n beskermde en veilige kampusomgewing sal skep, wat teistering of enige ander vyandelike gedrag, gemik teen persone of groepe op enige gronde, wat dit ook al is, sal ontmoedig, maar in besonder op grond van ouderdom, kleur, geloof, gestremdheid, geslag, huwelikstatus, nasionale oorsprong, ras, taal of seksuele oriëntasie
- standarde sal stel vir verwagte optrede vir die totale kampusgemeenskap, insluitend maar nie beperk tot administrateurs, fakulteite, personeel, studente, veiligheids personeel en kontrakteurs nie
- 'n kampusomgewing sal bevorder wat sensitief is vir rasse- en kulturele diversiteit, deur middel van buitekurrikulêre aktiwiteite wat studente blootstel aan kulture en tradisies verskillend van hulle eie, en studente-aktiwiteite wat gemik is op hierdie doelwit
- bekwame personeel sal toewys om vordering in die terreine hierbo genoem te monitor.

3.43 Die Ministerie is ten gunste van 'n institusionele kultuur waarin daar geslagsgelykheid is. Inrigtings het 'n verantwoordelikheid om 'n billike en ondersteunende klimaat vir vroue-studente en -personeel te skep. Prioriteitsterreine wat die deelname van vroue beïnvloed, sluit in vroue se verteenwoordiging in senior akademiese en administratiewe posisies en

institusionele bestuurstrukture, kindersorgeriewe by inrigtings, regstellende aksie vir die vordering van vroue, en meganismes om vroue-studente by nagraadse studies en by wetenskap en tegnologie te betrek. Institusionele inligtingstelsels behoort meganismes in te sluit vir die monitering en versameling van data oor vroue-studente en -personeel.

3.44 Die Ministerie betreur die vele insidente van verkragting en seksuele teistering op hoër onderwyskampusse. Inrigtings word gelas om institusionele beleid, wat seksuele teistering van studente en werknemers verbied te ontwikkel en te versprei, tesame met die instelling van verslagdoenings- en grieweprosedures wat slagoffer-ondersteuning en berading, vertroulikheid, beskerming van klaers teen vergelding, asook meganismes om gepaste prosesse en beskerming vir respondente te verseker.

Onafhanklike assessor

3.45 In ooreenstemming met die Ministerie se verantwoordelikheid om aanspreeklikheid vir die gebruik van openbare hulpbronne en agting vir die reputasie van die hoër onderwysstelsel te verseker, sal die Wet op Hoër Onderwys 'n wetlike reg aan die Minister verleen om onafhanklike waardebeoordeling en advies oor die toestand van 'n hoër onderwysinrigting te vra, wanneer ernstige toestande in 'n inrigting of inrigtings ontstaan wat ondersoek ingevolge die prosedures, voorgeskryf deur die Wet, regverdig. Die RHO sal versoek word om 'n paneel van onafhanklike assessors saam te stel waaruit die Minister sal kies.

3.46 Die reg om 'n assessor na 'n inrigting te stuur mag uitgeoefen word waar die raad van 'n inrigting dit versoek, of in buitengewone omstandighede wat finansiële of ander wanadministrasie van 'n ernstige aard behels, of wat die doeltreffende funksionering van die inrigting ernstig benadeel, waar die raad nie daarin kon slaag om die situasie op te los nie, en so 'n aanstelling in die beste belang van hoër onderwys in 'n oop en demokratiese gemeenskap is. 'n Onafhanklike Assessor sal binne 30 dae van aanstelling aan die Minister verslag doen, met bevindinge en aanbevelings. Die verslag sal aan die raad van die inrigting beskikbaar gestel word.

HOOFSTUK 4

FINANSIERING

UITBREIDING, KOSTES EN HULPBRONNE

4.1 Die transformasie van die hoër onderwysstelsel om aan groei-, billikheids- en gehalte-doelwitte te voldoen, sal bykomende kostes behels. Die voor die hand liggende vraag is: hoe sal hierdie kostes betaal word wanneer dit onwaarskynlik is dat noemenswaardige stygings in openbare besteding op hoër onderwys die reële ekonomiese groeikoers grootliks sal oorskry?

4.2 Daar is wesenlike geleentheid om die interne doeltreffendheid van die hoër onderwysstelsel te verbeter, al sou dit ook tyd neem om betekenisvolle besparings te genereer. 'n Doelbewuste poging is nodig om stelselwye en institusionele hervormings in werking te stel wat verkwistende besteding inkort, doeltreffendheid bevorder en gehalte verbeter. Sulke maatreëls sluit byvoorbeeld in:

- Verlaging van eenheidskoste deur 'n oop en deursigtige toewysing van openbare fondse gebaseer op normatiewe kostes en prestasiekriteria.
- Vermindering van duplisering en oorvleueling in institusionele, program- en diensverskaffing.
- Verbreding van die gebruik van hoër gehalte maar minder arbeidsintensiewe onderrig- en studiestrategieë, insluitend afstandonderrig en hulpbron-gebaseerde studie.
- Verbetering van studente deurvloeiing en slaagkoerse, bygestaan deur doeltreffende akademiese ontwikkeling en studente-ondersteuningstelsels, en meer gefokusde of gerigte openbare finansieringsmaatreëls.

4.3 Suid-Afrika se huidige vlak van openbare besteding op hoër onderwys is taamlik hoog volgens internasionale standaarde, en het teen 'n ietwat vinniger reële tempo gegroei as wat die geval is in baie lande. Dit is onwaarskynlik dat die onlangse tendens van openbare bestedingsgroeikoerse in hierdie sektor oor die volgende dekade gehandhaaf kan word, gegewe ander dringende maatskaplike behoeftes. Gegewe geproekteerde nasionale ekonomiese groeiberamings, sal daar egter beduidende reële bestedingstygings wees indien die huidige vlakke van openbare en private besteding op hoër onderwys as 'n verhouding van die BBP gehandhaaf word. Die Ministerie glo dus dat daar 'n goeie saak uit te maak is vir die handhawing van die huidige vlakke van openbare besteding op hoër onderwys as 'n

verhouding van die BBP. Dit is nodig indien die doelwitte van uitbreiding, transformasie en regstelling bereik wil word.

4.4 Alhoewel dit moontlik is om vinnige inskrywingsgroei te bewerkstellig sonder ekstra besteding, is die gevolge daaraan verbonde problematies. Ondervinding, internasionaal sowel as op die tuisfront, wys dat uitbreiding sonder nuwe belegging lei tot oorvol geriewe, lae moraal onder die akademiese personeel, swak gehalte programme, 'n daling in navorsingsproduksie en -gehalte, en, uiteindelik 'n verlies aan vertroue onder studente, werkgewers en finansiers in die gedevalueerde produkte van hoër onderwys.

4.5 Ten spyte van nasionale fiskale beperkinge, en die regering se verbintenis tot fiskale dissipline, vereis die sentrale rol van hoër onderwys in die ontwikkeling van hoë vlak vaardighede en bekwaamhede, wat noodsaaklik is vir maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, volgehoue finansiële belegging in die hoër onderwysstelsel.

4.6 Wesenlike bykomende kostes word geassosieer met groter studente-deelname, die regstelling van huidige ongelykhede, en die herstrukturering van bestaande programme. Hierdie kostes sal gedek moet word uit 'n strategiese mengsel van finansieringsbronne. Dit sal insluit stelsel- en institusionele doeltreffendheid, 'n groter volume private bydraes, en verhoogde, hertoegedeelde en streng geoormerkte openbare sektor-uitgawes.

4.7 *Gratis* hoër onderwys vir studente is nie 'n bekostigbare en volhoubare opsie vir Suid-Afrika nie. Die kennis en vaardighede wat verwerf word in die bereiking van hoër onderwyskwalifikasies genereer beduidende lewenslange private voordele vir suksesvolle studente asook langtermyn maatskaplike voordele vir die publiek as geheel. Alhoewel hoër onderwysinrigtings 'n steeds toenemende groot gedeelte van studente uit arm gesinne toelaat, is studente van middelklas- en ryk gesinne steeds buite verhouding goed verteenwoordig. *Vir al hierdie redes*, behoort die koste van hoër onderwys billik verdeel te word tussen openbare en private begunstigdes.

4.8 Dit is egter belangrik dat die regstreekse koste vir studente binne verhouding moet wees met hulle vermoë om te betaal. Soos die profiel van studente-inskrywings al hoe meer verteenwoordigend raak van die algemene bevolking, is daar 'n skerp styging in die verhouding van geskikte studente uit arm gesinne. Finansiële behoeftes behoort nie 'n onoorkomelike versperring tot toegang en sukses in hoër onderwys te wees nie. 'n Realistiese fooistruktuur moet dus hand aan hand gaan met 'n volhoubare program van finansiële bystand vir studente. Dit word in meer besonderhede bespreek in paragraaf 4.38 hieronder.

4.9 Die finansiering van hoër onderwys moet billikheid van toegang en resultate verhoog, gehalte en doeltreffendheid verbeter, en hoër onderwysaktiwiteite en nasionale en streeksontwikkelingsbehoefte meer doelgerig koppel. Diversiteit in missies, programme en

klante is noodsaaklike kenmerke van 'n florerende, geïntegreerde stelsel. Die finansieringsraamwerk sal doelgerigte en billike verskeidenheid in die stelsel ondersteun.

4.10 Die Ministerie sal doelwit-georiënteerde aansporingsmaatreëls as 'n integrale deel van die openbare finansieringsraamwerk aanvaar. Duidelike aansporingsmaatreëls sal naamlik gebruik word om die ontwikkeling van die hoër onderwysstelsel ooreenkomstig nasionale doelwitte te stuur.

4.11 Dit sal aangevul word deur meer private hulpbronne vir hoër onderwys in te span, deur byvoorbeeld verskeie vorme van werkgewerbydraes, bemakings en donasies, beter bestuur van institusionele beleggings, kontrakte en raadgewers, en 'n uitbreiding van behoorlik gereguleerde hoër onderwysprogramme en -inrigtings.

DOELWIT-GEORIËNTEERDE PRESTASIE-VERWANTE OPENBARE FINANSIERING

4.12 Die nuwe openbare finansieringsraamwerk moet billik wees, prestasie-verwant, en wyd binne die sektor aanvaar word, asook voortreflikheid bevorder. Oor die volgende aantal jare, geadviseer deur die Raad vir Hoër Onderwys, sal die Ministerie 'n raamwerk vestig met:

- 'n toepaslike balans tussen institusionele outonomie en openbare aanspreeklikheid, en
- prosedures wat eenvoudig, deursigtig, plooibaar en regverdig is, en wat binne die beskikbare en voorsienbare vermoëns van die Departement van Onderwys en die institusionele rade, bestuurs- en akademiese leierskap bestuur kan word.

4.13 Die Ministerie verwag nie om beduidend van die hoofbenadering en noodsaaklike finansieringbeginsels, soos neergelê in hierdie hoofstuk af te wyk nie, maar hulle is oop vir verbetering en wysiging op die basis van ondervinding en advies, insluitend advies van die RHO.

4.14 Doelwit-georiënteerde openbare finansiering van hoër onderwysinrigtings is bedoel om te lei tot:

- meer billike studente-toegang
- verbeterde gehalte van onderrig en navorsing
- verhoogde studente-vordering en slaagkoerse, en
- groter sensitiviteit vir maatskaplike en ekonomiese behoeftes.

4.15 Die spesifikasie van prestasiekriteria sal in oorlegpleging met die RHO gedoen moet word. Prestasie-verwante finansiering moet toenemend ingestel word om inrigtings sodoende toe te laat om hulle inligtings- en moniteringstelsels aan te pas.

4.16 Die nuwe openbare finansieringsraamwerk sal twee hoofelemente hê:

- (i) 'n vereenvoudigde meganisme vir die toewysing van blokfinansiering vir algemene doeleindes op 'n rollende drie-jaarlikse basis, en
- (ii) die verskaffing van geoormerkte fondse om spesifieke doelwitte te bereik, insluitend bepaalde regstelling van onbillikhede in toegang en kapasiteit, finansiële bystand vir studente, personeelontwikkeling, kurrikulumontwikkeling, navorsingsontwikkeling, biblioteke en inligtingstechnologie, kapitaalwerke en toerusting, en beplande verbetering in funksioneringsdoeltreffendheid.

4.17 Die subsidie-formules vir universiteite en teknikons vorm tans gemiddeld ongeveer 85% van die openbare finansiering van hierdie inrigtings. Die res bestaan uit ad hoc fondse vir kapitaalwerke, die betaal van lenings, eiendomsbelasting en die toewysing van finansiële bystand vir studente. Die Ministerie is bewus van die behoefte by inrigtings om 'n toereikende vlak van kernfinansiering te bekom om hulle werksaamhede te handhaaf. Dit is egter duidelik dat die huidige 15% gedeelte van fondse wat deur nie-formule finansiering verskaf word te laag is om dringende behoeftes aan te spreek en om die grondslag te lê vir 'n getransformeerde stelsel.

4.18 Die Ministerie is dus van plan om die verhouding van beskikbare fondse vir geoormerkte finansiering van elk van die begrotingsjare 1998, 1999 en 2000 te verhoog. So byvoorbeeld sal die vlak van finansiering wat verskaf word vir finansiële hulp aan studente moet styg. 'n Bepaalde program van institusionele regstelling is ook nodig. Verskeie inrigtings het 'n agterstand van geboue, oorvol koshuise, biblioteke met swak hulpmiddele, ontoereikende inligtingstechnologie en ander soortgelyke kwantifiseerbare leemtes. 'n Program van regstelling kan wel vir 'n gedefinieerde tydperk op 'n behoefte-basis funksioneer, en moet behoefte sowel as institusionele prestasieverbeteringsplanne en resultate in ag neem, sodat interne leemtes progressief verminder word. Geoormerkte fondse is ook nodig om 'n verbetering in studente slaagkoerse, navorsingskapasiteitsbouing, nagraadse ontwikkeling, program-verwante kapitaalontwikkeling, die bou van beplanningskapasiteit en streeksamewerking te bewerkstellig.

4.19 Die nuwe raamwerk sal nie op sigself die totale openbare finansiering van die sektor vermeerder of verminder nie, maar sal dit anders verdeel. Met of sonder die nuwe raamwerk in plek, sal dit steeds vir die RHO en die Ministerie nodig wees om 'n saak uit te maak vir bykomende finansiering vir die sektor in lyn met BBP-groei.

'N NUWE OPENBARE FINANSIERINGSFORMULE

4.20 Die nuwe openbare hoër onderwys finansieringsraamwerk sal doelwit-georiënteerde beplanning op die institusionele vlak asook op stelselvlakke vereis. Die Ministerie sal

progressief 'n nuwe formule ontwerp en instel vir blokbedryfstoewysings aan inrigtings om hulle onderrig- en verwante herhalende kostes te ondersteun. Hierdie bloktoewysings sal aan inrigtings betaalbaar wees op die basis van hulle beplande (volydse ekwivalent of VE) inskrywings op verskillende terreine en studievlakke, wat in ooreenstemming met hulle institusionele missies en planne sal wees. Soos in par 2.14 hierbo beskryf is, sal institusionele planne die institusionele missie insluit, asook aanduidings van inskrywingsmikpunte volgens program-, rasse- geslags- en billikheidsdoelwitte en -maatreëls, menslike hulpbron-ontwikkelingsplanne, en planne vir nuwe programontwikkeling, akademiese ontwikkeling, navorsingsontwikkeling en infrastruktuurontwikkeling.

4.21 Binne die konteks van sy breër publieke administrasie-hervormings, in besonder sy mediumtermyn ekonomiese raamwerk en nuwe driejaar-begrotingsbeplanning, beoog die Ministerie om elke belastingjaar driejaar-voorstelberamings van begrotingsuitgawes volgens program te publiseer, so gou as wat die nodige stelsel binne die Departement van Onderwys en hoër onderwysinrigtings in plek is. Die Ministerie van Onderwys sal ooreenkomstig 'n jaarlikse staat in begrotingsverband uitreik, wat die geraamde vlak van bloktoewysings aan elke hoër onderwysinrigting vir elk van die volgende drie akademiese jare verskaf.

4.22 Driejaarlikse planne van inrigtings sal verslag doen van al hulle beplande VE-inskrywings, ongeag of dit deur openbare subsidie ondersteun word. Die planne sal die terreine en vlakke van studie aandui waarin inrigtings beplan om hulle inskrywings volgens hulle missies en doelwitte, en in reaksie op veranderende aanvraag uit te brei of in te krimp.

4.23 Finansiering vir 'n ooreengekome aantal openbaar-gesubsidieerde VE-inskrywings sal drie jaar vooruit aangekondig word om sodoende aan inrigtings 'n voorspelbare basis vir beplanning te verskaf. Die Ministerie van Onderwys sal die aantal openbaar-gesubsidieerde VE-plekke elke jaar met inrigtings onderhandel, met betrekking tot die volgende drie jaar van die rollende driejarige tydperk. Onderhandelings sal studente-vraagberamings wat algemeen beskikbaar is in ag neem, asook langtermyn arbeidsmarkseine aan die een kant, en institusionele kapasiteit en prestasie aan die ander kant.

4.24 Inrigtings sal in staat wees om studente in te skryf bykomend tot die ooreengekome aantal openbaar-gesubsidieerde VE-studenteplekke, maar hulle moet in staat wees om dit te doen uit fondse wat hulle self ingesamel het en nie van die regering ontvang het nie. Onvermoë om die VE-inskrywings beplande mikpunte te behaal, sal 'n inrigting aanspreeklik maak om ekwivalente fondse te verbeur deur verlaging in sy bedryfstoewysings volgens 'n algemeen bekende prosedure.

4.25 Om die maksimum plooibaarheid van inrigtings onder die nuwe reëlins te bereik, moet inrigtings hulle eie fooie vir gesubsidieerde studenteplekke bepaal, asook vir studenteplekke buite die openbaar-gefinansierde kwota. Die basis waarop die vlak van fooie

vasgestel word moet deursigtig wees en onderworpe aan noukeurige ondersoek binne die inrigting, en dit moet redelike billikheidskriteria bevredig. Die Minister sal egter van inrigtings, wie se onderrigfooie heelwat bokant die nasionaal-bepaalde prys per gesubsidieerde studenteplek was, verwag om te verduidelik waarom daar van studente verwag word om premium koerse te betaal, en om te beskryf hoe arm studente bygestaan sal word met betaling.

4.26 Regeringsfinansieringskoerse per VE-studenteplek sal varieer volgens die breë studieterrein en studievlak, maar sal standaard wees vir alle inrigtings. Dit sal gebaseer wees op indeksgekoppelde beramings van die relatiewe koste van onderrig. Pryse per studenteplek op navorsingsvlak van studie (tipies meesters- en doktorale studies), sal die koste van navorsingstoelig, infrastruktuur en verbruiksgoedere wat 'n integrale deel van navorsing vorm insluit, maar nie projektkostes per se nie. Boonop sal navorsingsprojekte steeds afsonderlik deur die Nasionale Navorsingstigting gefinansier word, op 'n mededingende portuuroorsigbasis, en geoormerkte finansiering vir die ontwikkeling van navorsingskapasiteit sal ook beskikbaar wees.

4.27 Die instelling van 'n "finansieringsmatriks" van randwaardes teenoor breë studieterreine en studievlakke, vereis ontleding van die rigtinggewende gemiddelde koste van sulke onderrig en verwante aktiwiteite, volgens breë terreine en vlakke van studie. Dit moet oor akademiese integriteit beskik en reële kosteverskille verteenwoordig. Pryse kan bepaal word vir elke sel in die matriks. Hierdie aangeleenthede, en die verhouding tussen terreine en vlakke van studie, die NKR en Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Onderwys (SANSO) kategorieë, sal na die Raad vir Hoër Onderwys verwys word vir tydige advies.

4.28 Die Ministerie besef die aansienlike koste-differensiale wat betrokke is in die onderrig van studente uit benadeelde agtergronde teenoor student uit bevoordeelde agtergronde. Die Ministerie aanvaar dat akademiese ontwikkeling en oorbruggingsprogramme by die finansieringsformule ingelyf moet wees.

4.29 Die Ministerie het die moontlike insluiting van studenteslaagkoerse in die finansieringsmatriks oorweeg. Terwyl daar 'n behoefte is om institusionele doeltreffendheid en doelmatigheid te verbeter, is die insluiting van studenteslaagkoerse op hierdie stadium ontoepaslik, gegewe die verskillende apartheidserfenisse van bestaande inrigtings en die behoefte om 'n toekomsgerigte benadering te aanvaar. In die lig van die breë variasies in behoefte en kapasiteit, asook die beleidsdoelwit om diversiteit en gehalteverbetering binne die stelsel aan te moedig, sal die Ministerie sy onderhandelings met inrigtings baseer op hulle akademiese planne en op die vordering wat hulle maak om die prestasieverbeteringsmikpunte, soos geskets in hulle strategiese planne, te bereik. Studentevordering en slaagkoerse sal binne daardie konteks gemonitor word. Daar sal ook aandag

geskenk word aan die waardebepalings van gehalte wat deur die Raad op Hoër onderwys verskaf word.

4.30 Die Ministerie aanvaar 'n beleid van konsentrasie en selektiwiteit in die finansiering van navorsing en navorsingsopleiding. Onderhandelinge oor die aantal plekke wat met openbare fondse gefinansier moet word op die navorsingsmeesters en doktrale vlakke, sal bepaal word deur die prestasie-aanwysers vir navorsingskapasiteit, sukses en uitset per fakulteit. Binne die finansieringsmatriks sal die Ministerie die uitbreiding van nagraadse opleiding in daardie dele van inrigtings (histories-bevoordeelde en histories-benadeelde tesaam), waar daar bewysbare sterk punte is, ondersteun en bystaan. (Geoormerkte finansiering sal gebruik word om die ontwikkeling van nuwe institusionele sentrums vir nagraadse opleiding en navorsing, waar daar duidelike bewys van potensiaal vir sukses is, te ondersteun.)

4.31 Die Ministerie is ooreed dat die finansieringsformule voorsiening vir die erkenning van meetbare navorsingsproduksie moet insluit, aangesien sodanige erkenning bewys het dat dit aansporingswaarde het om hoë gehalte navorsing en publikasies te stimuleer, en om inrigtings in staat te stel om die navorsingsprestasie van hulle studente te monitor en te vergelyk, intern (oor terreine heen) sowel as ekstern (oor inrigtings heen). Die Ministerie sal om advies vra by die RHO en die Nasionale Navorsingstigting, om die kriteria vir navorsingserkenning te hersien. Dit sal gedoen word in die lig van internasionale ondervinding en met inagneming van die spesifieke toestande van ons eie navorsings- en publikasie-omgewing. So 'n oorsig is reeds lank agterweë en sal wyd verwelkom word.

4.32 In die voorbereiding vir die instelling van die nuwe finansieringsformule, is dit nodig om die omvang van teenstrydighede in programkoste onder inrigtings te beraam en te verduidelik. Voorlopige ontledings in die Departement dui daarop dat sulke teenstrydighede wyd versprei is en, in baie gevalle, uitermatig is. Verdere werk sal behels dat die nuwe finansieringsnorme denkbeeldig teenoor die huidige profiel van studente-inskrywings toegepas moet word, asook die identifisering van variasies onder inrigtings. Waar herverdeling nodig is om die veld gelyk te maak vir toekomstige formule-gebaseerde toewysing van bloktoewysings, sal 'n kombinasie van maatreëls, insluitend aanpassings aan die aantal plekke wat met openbare fondse gefinansier is en/of aanvullende toewysings aan relatief onderbefondse inrigtings, oor die mediumtermyn toegepas word, na toepaslike oorlegpleging met inrigtings en in die RHO.

GEOORMERKTE FINANSIERING

4.33 Finansieringsformules kan nie al die verskille tussen inrigtings in ag neem sonder om te ingewikkeld en lomp te raak nie. Finansieringsformules leen hulle ook nie daartoe om

besondere behoeftes te akkommodeer nie, veral indien die behoeftes fluktueer of met die tyd te verminder. Die meganisme van geoormerkte finansiering leen hom geredelik daartoe om in spesifieke, en dikwels korttermyn behoeftes te voorsien, en is dus die tweede groot komponent van die voorgestelde nuwe openbare finansieringsraamwerk.

Geoormerkte fondse vir institusionele regstelling

4.34 Daar sal 'n program van bepaalde finansiering wees om onbillikhede en leemtes, wat in die besonder deur histories-benadeelde inrigtings ondervind word, reg te stel. Die funksie van die regstellingsprogram is om spesifieke behoeftes te bepaal, verwant aan toegang en kapasiteit, wat ontstaan het uit onderwystekorte en ander vorme van opsetlike benadeling wat deur studente of inrigtings verduur is, as 'n gevolg van voormalige regeringsbeleid. As 'n meganisme om bystand te verleen vir die ontwikkeling van inrigtings of programme, sal dit met die tyd vervang word deur die doelwit-georiënteerde subsidieproses en deur ander kategorieë van geoormerkte finansiering.

4.35 Daar sal van inrigtings, wat onder die regstellingsprogram om finansiering aansoek doen, vereis word om die spesifieke behoeftes waarvoor die fondse verligting sal bring of 'n hulpmiddel sal verskaf, asook die beplande resultate, te dokumenteer. Vir elke projek waarvoor finansiering gevra word, sal inrigtings die maatreëls moet aandui wat hulle wil gebruik om hulle sukses te evalueer in die toepassing van die fondse om gestelde resultate te bereik.

4.36 Fondse wat deur hierdie program verskaf word sal beskikbaar wees om verbetering op die volgende terreine te ondersteun: bestuurskapasiteitsontwikkeling, personeelontwikkeling, akademiese ontwikkeling, kurrikulumontwikkeling, bibliotekeiendom, studente-geriewe, geboue en die ontwikkeling van institusionele kapasiteit.

4.37 Die Ministerie sal 'n oudit uitvoer van daardie inrigtings wat geskik is vir finansiering deur hierdie program in die 1998 - 2000 driejarige tydperk. Die oudit sal onderneem word om beginpunte vas te stel om die relatiewe benadeling van inrigtings en verwysingspunte vir die monitering van vordering in die verbetering van leemtes te vergelyk. Daar sal van inrigtings vereis word om die volgende te voorsien:

- 'n finansiële staat van inkomste, uitgawes, bates en laste
- 'n personeelprofiel volgens posvlakke en kwalifikasies, ouderdom, ras en geslag
- 'n profiel van studente-inskrywings volgens ras, geslag en opvoedkundige agtergrond.

Die oudit sal die volgende lewer:

- 'n finansiële vooruitskouing en risiko-beraming

- 'n inventaris van geboue, koshuise en toerusting (insluitend inligtingstechnologie) volgens ouderdom, toestand, benutting en onderhouds- en vervangingskoste.

4.38 Die toekenning van geoormerkte fondse vir regstellingsdoeleindes sal gebaseer wees op die behoeftes wat in die institusionele oudits geïdentifiseer is, die prestasieverbeteringsplanne van inrigtings en die volgende kriteria:

- 'n lewensvatbare besigheidsplan, insluitend aksies om institusionele bronne van inkomste te diversifiseer
- realistiese planne en bewysbare aanwysers van vordering in die rigtings van rasionalisering en diversifisering van programaanbiedings en studente-inskrywings; en
- definitiewe stappe in die rigting van verbetering in interne doeltreffendheid.

Geoormerkte fondse vir finansiële hulp aan studente

4.39 Die Ministerie van Onderwys is ten volle verbind tot 'n plooibare, deelnemende en volhoubare Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFHS), wat gesien word as deel van die totale finansieringsbeleid vir die hoër onderwyssektor. Die Ministerie ondersteun 'n benadering tot hoër onderwysfinansiering wat gebaseer is op die deel van kostes tussen private begunstigdes (studente) en die Staat wat openbare belange verteenwoordig. Terselfdertyd is die Ministerie daarvan bewus dat daar ernstige beperkings is op die vermoë van baie studente en hulle gesinne om te betaal, in besonder eerste-generasie studente uit arm gesinne. Om te verseker dat bekwame studente nie uitgesluit is van toegang tot hoër onderwys as gevolg van armoede nie, is dit noodsaaklik om 'n omvattende finansiële hulpskema vir studente wat goed funksioneer in plek te hê.

4.40 'n Toereikende en doeltreffende program van finansiële bystand aan studente is 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n getransformeerde, billike hoër onderwysstelsel, wat volgens sakebeginsels in 'n stabiele finansiële omgewing funksioneer. Finansiële hulp vir studente is nie 'n opsionele ekstra vir 'n lewensvatbare moderne hoër onderwysstelsel nie, maar 'n integrale deel van die openbare en private belegging in die nasie se hoë vlak menslike hulpbronontwikkeling. Dit moet dus professioneel beplan en bestuur word met 'n toepaslike meganisme vir aanspreeklikheid. Finansiële hulp aan studente is ook nie 'n substituuat vir verantwoordelike self-onderhouding deur studente nie, maar 'n geldige vorm van aanvullende ondersteuning, veral vir die meerderheid van jong Suid-Afrikaners wie se gesinsondersteuningstelsels slegs 'n fraksie van die koste van huidige hoër onderwysprogramme kan dra. 'n Volhoubare stelsel moet gebaseer wees op deursigtige en verdedigbare kriteria vir geskiktheid, ingeboude aansporingsmaatreëls om gedissiplineerde pogings aan te moedig, belonings vir akademiese sukses, en sanksies teen mislukking of versuim.

4.41 Die Departement van Onderwys het gebaat by die uitgebreide ontleding en oorlegpleging oor hierdie aangeleentheid wat deur die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys onderneem is, die advies van die groep vooraanstaande sake- en akademiese leiers wat deur die Minister aangestel is om hom by te staan om binnelandse en buitelandse ondersteuning te mobiliseer, en verslae oor huidige verskaffing en toekomstige opsies.

4.42 Dit is nou sonder twyfel duidelik dat die idee van 'n enkele, gekapitaliseerde openbare skenkings- of trustfonds, waarvan die opbrengs jaarlikse uitbetalings sal ondersteun, en wat aangevul sal word (of selfs self-onderhoudend sal word) deur leningsterugbetalings, nie lewensvatbaar is nie, en nie deur die regering ondersteun kan word nie. Die aanvanklike kapitalisasie wat vereis word sou by verre te hoog wees vir die owerheid om te oorweeg. Aktuariële beramings dui aan dat sodanige fonds, sou dit gestig word, nie self-onderhoudend kan wees nie, maar dat dit massiewe periodieke herkapitalisering sal vereis indien insolvensie vermy wil word. Daardie opsie is dus van die tafel af.

4.43 Die Departement van Onderwys, in samewerking met die Departement van Finansies, fokus nou sy aandag op die alternatief van 'n openbare fonds, soortgelyk in konsep aan die huidige skema, gebaseer op beplande jaarlikse begrotingstoewysings wat gedoen word ooreenkomstig die driejaar rollende begrotingsraamwerk. Die skaal van die jaarlikse toewysing moet gerekeneriseer word op die basis van baie beter data en vooruitskouings van studentebehoeftes as wat tans beskikbaar is, en moet gekoppel wees aan die totale doelwit-gedrewe openbare subsidie aan hoër onderwysinrigtings. Die Departement werk tans aan sulke vooruitskouings.

4.44 Die finansiële hulpsentrums van hoër onderwysinrigtings, eerder as 'n sentrale finansieringsagentskap, is die beste geplaas om daardie studente te identifiseer, wat ingevolge algemeen bekende en redelik uniforme kriteria, bystand die meeste nodig het en wat die meeste daarby sal baat. Toewysings aan inrigtings deur die finansieringsagentskap vanuit die geoormerkte fonds vir finansiële hulp aan studente sal gebaseer moet wees op die billikheidsprofiel van institusionele inskrywings, met inagneming van hulle studente-vordering en slaagkoerse.

4.45 'n Aansienlike gedeelte van finansiële hulp aan studente vloei tans na inrigtings as betalings vir klas en koshuisgelde. Die inter-verwantskap van die omvang van studentebystand per inrigting, die vlak van klasgelde, die finansiële gesondheid en (in sommige gevalle) die lewensvatbaarheid en maatskaplike stabiliteit van 'n inrigting, regverdig 'n styging in die omvang van finansiële bystand aan studente vanuit openbare fondse.

4.46 Die Ministerie van Onderwys dra geen aanspreeklikheid vir skulde wat tussen studente en hulle inrigtings of finansieringsagentskappe gekontrakteer is nie, maar aanvaar dat 'n studie van die omvang en dinamika van studenteskuld, in verhouding tot institusionele

skuld en likiditeit, nodig geword het. Die Departement van Onderwys sal dus hierdie element in sy ondersoek na studentefinansiering inbou.

4.47 Jaarlikse begrotingstoewysings is slegs een element in 'n ingewikkelde vergelyking, en die Ministerie aanvaar dat 'n benadering met vele fasette tot finansiële hulp aan studente noodsaaklik is. 'n Volhoubare, langtermyn skema sal lenings en beurse insluit, soortgelyk aan die huidige skema, en mag selfs studiebeurse insluit om akademiese voortreflikheid en studente- en gemeenskapsselfstandigheidsprogramme, soos byvoorbeeld werkstudie en gemeenskapsdiens, te beloon. Die Ministerie is aktief besig om 'n ondersoek na hierdie alternatiewe te ondersteun.

4.48 Die mees geskikte meganisme om leningsterugbetalings in te vorder word nog steeds ondersoek. Daar is nie genoeg kennis oor die huidige skale van privaat-gefinansierde borgskappe en beursprogramme, van binnelandse sowel as buitelandse bronne nie, of van studentlenings wat deur die kommersiële banksektor gefinansier word vir diegene wat die vereiste sekuriteit kan verskaf en wat bereid is om die terugbetalingsvoorwaardes te oorweeg. Met 'n goed deurdragte aanbevelings- en bemarkingsbenadering, mag die skaal van private sektorbelegging in hoër onderwysstudente deur lenings, beurse en borgskappe wel wesenlik verhoog.

4.49 Die Departement se studies, wat die beleid wat in hierdie afdeling bespreek is sal ondersteun, sal voor die einde van 1997 voltooi wees. Totdat 'n gewysigde of substituutskema in plek is, sal die Ministerie voortgaan om die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFHS) te bedryf, en is die Tersiere Onderwysfonds van Suid-Afrika (TOFSA) heraangestel om die toewysing van lenings en beurse vanuit regerings- en donateursfondse te administreer. TOFSA funksioneer onder 'n Raad wat op groot skaal verteenwoordigend is van belanghebbende belange, en wat aansienlike kundigheid in die administrasie van studentebystand bereik het, asook in institusionele kapasiteitsbouing. Sonder om die vorm van die nuwe stelsel vooruit te loop, verwag die Departement om te kan staatmaak op die ondervinding van die TOFSA-raad en sy personeel in die ontwikkeling van sy voorstelle vir die toekomstige NSFHS.

Geoormerkte fondse vir ander spesifieke doeleindes

4.50 Bykomend tot die finansiering vir regstelling en finansiële hulp aan studente, is daar 'n behoefte om vernuwing en aanpassing aan te moedig, en om kapasiteit op nuwe terreine te bou. Daar sal van inrigtings, wat deur hierdie program om fondse aansoek doen, vereis word om hulle voorleggings met hulle strategiese planne in verband te bring.

4.51 Vir die driejarige tydperk 1998 - 2000, sal finansiering deur hierdie program op ses spesifieke doelwitte fokus: die verbetering van studenteslaagkoerse, die ontwikkeling van

navorsingsbekwaamheid, nagraadse opleiding, kapitale werke, ontwikkeling in beplanningskapasiteit, en streeksamewerking.

4.52 *Die verbetering van studenteslaagkoerse.* Aansporingsmaatreëls, om institusionele sukses in die verbetering van die vordering en graduering van studente van benadeelde agtergronde aan te moedig, sal op 'n prestasiebasis verskaf word deur geoormerkte finansiering. Dit sal insluit suksesvolle akademiese ontwikkelingsprogramme, insluitend personeelontwikkeling en kurrikulumontwikkeling.

4.53 *Die ontwikkeling van navorsingsbekwaamheid.* Die ontwikkeling van navorsingsbekwaamheid in Suid-Afrika se hoër onderwysinrigtings is van fundamentele belang vir nasionale selfstandigheid. Goeie vakkundigheid (wat alle hoër onderwys akademiese personeel behoort te kenmerk), is egter nie dieselfde as navorsingsbekwaamheid nie (wat 'n minderheid van die akademiese personeel in die sektor as geheel of sal benodig of oor sal beskik). Terwyl individuele voortreflikheid in onderrig dikwels bygestaan en geassosieer word met 'n aktiewe navorsingsportefeulje, is dit nie afhanklik van navorsingsondervinding nie. Dit is veral, maar nie uitsluitlik nie, die geval in die hoër onderwyskolleges, waar goeie onderrig besonder belangrik is maar navorsing nie 'n alledaagse deel van die kollege-missie is nie.

4.54 Met die oog op die nasionale strategiese belangrikheid van navorsing, en om te verseker dat die relatiewe skaars fondse wat vir die ontwikkeling van navorsingsbekwaamheid beskikbaar is goed bestem is, behoort openbare fondse vir deelname aan navorsing, basies of toegepas, nie oor al die fakulteite of skole in alle inrigtings versprei te word nie, maar behoort dit eerder op daardie terreine gekonsentreer te word waar daar bewysbare navorsingskapasiteit of -potensiaal is, in HOIs sowel as HWIs. Om praktiese uitvoering aan hierdie siening te gee, sal die Ministerie geoormerkte fondse verskaf:

- om die bestaande terreine van navorsingvoortreflikheid te handhaaf en te versterk
- om nuwe terreine en sentrums van navorsingvoortreflikheid te ontwikkel
- om navorsingbande met die nywerheid te ontwikkel en om nywerheidsverwante samewerkingsnavorsing te vergemaklik
- om inter-institusionele navorsingsamewerking te vergemaklik
- om samewerkingsnavorsing en tegnologie-ontwikkeling met Wetenskap- Ingenieurswese in Tegnologie-inrigtings (WITIs), soos gedefinieer in die Witskrif oor Wetenskap en Tegnologie, te vergemaklik.

4.55 Die Ministerie erken die behoefte aan die koördinerings van navorsingsaktiwiteite en hulle finansiering in hoër onderwys. Die Witskrif oor Wetenskap en Tegnologie, en in besonder die Nasionale Stelsel vir Innovasie, verskaf 'n raamwerk vir die ontwikkeling van 'n nasionale navorsingsplan. Die Ministerie van Onderwys sal met die Ministerie van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, en die voorgestelde Nasionale Navorsingstigting (NNS) saamwerk in hierdie poging.

4.56 *Nagraadse opleiding.* Die regering erken die dringende behoefte om die aanbod van nagraadsgekwalfiseerdes op die akademiese en algemene arbeidsmarkte te verhoog. Die veroudering van goed gekwalfiseerde akademiese personeel en die emigrasie van gegradueerde arbeid vereis aandag. Huidige lae inskrywingsvlakke in en graduering vanuit doktrale programme is onvoldoende om in toekomstige behoeftes te voorsien. Ernstige rasse- en geslagsongelykhede is ooglopend op die nagraadse vlak. Beweeglikheid van studente nasionaal en internasionaal, om nagraadse studies te onderneem, is 'n belangrike manier om tot die algemene vaardigheidsvlak by te dra. Terwyl die nuwe blokfinansieringsmeganisme studenteplekke op navorsingsgebaseerde nagraadse vlakke van studie sal ondersteun op terreine waar inrigtings oor bewysbare navorsingsopleidingskapasiteit beskik, sal inrigtings in staat wees om aansoek te doen vir geoormerkte fondse om die infrastruktuur wat nodig is om uitgebreide nagraadse opleiding te ondersteun, te vergroot.

4.57 *Kapitaal werke.* Die uitbreiding en diversifikasie wat vir die hoër onderwyssektor beoog word vereis nuwe kapitaal projekte. Die bestaande kapitale bates moet toereikend bestuur en doeltreffend benut en in stand gehou word. Finansiering vir kapitaal werke sal voorwaardelik wees vir inrigtings wat 'n kapitale bestuursplan ontwikkel wat die totale vloeroppervlak, sy toestand en gebruik, sy vervangingswaarde, en beplande uitgawes vir onderhoud en opknapping en kontantvloei-vereistes vir nuwe kapitaal-projekte beskryf.

4.58 *Beplanningskapasiteitsontwikkeling.* Die nuwe finansieringsraamwerk vestig nuwe vereistes vir beplanning en die versameling, ontleding en verslagdoening van inligting. Dit vereis meer gesofistikeerde inligtingstelsels vir institusionele en stelselbestuur, en wesenlike vaardighede in beplanning. 'n Element van die geoormerkte finansieringsprogram sal dus daarop gemik wees om inrigtings te help om hulle tegniese beplanningskapasiteit en bestuursinligtingstelsels te verbeter, insluitend volle deelname aan die hoër onderwys bestuursinligtingstelsel wat SANSO in toenemende mate sal vervang.

4.59 *Streeksamewerking.* Aansporingsfinansiering sal op 'n selektiewe basis beskikbaar wees om die kostes te ondersteun wat betrokke is in streeksamewerking tussen inrigtings wat beoog om te konsolideer, saam te smelt, te deel of op 'n ander wyse die doeltreffende gebruik van hulle geriewe en hulpbronne vir studie, onderrig navorsing en gemeenskapsdiens gesamentlik te verbeter.

AANSPEEKLIKHEID

4.60 Die basis vir die verbetering van openbare aanspreeklikheid in hoër onderwys is om openbare finansiering van inrigtings voorwaardelik te maak daaraan dat hulle Rade strategiese planne sal verskaf en verslag sal doen oor hulle prestasie teenoor hulle doelwitte. Die planne sal 'n raamwerk verskaf vir voortgesette verbetering binne inrigtings, asook 'n verwysingspunt vir gehalteversekering.

4.61 Die verskaffing van doelwit-georiënteerde openbare finansiering is daarop gemik om te lei tot meer billike studente-toegang, verbeterde onderrig, studie en navorsing, verhoogde studente-vordering en slaagkoerse, en groter sensitiviteit vir maatskaplike en ekonomiese behoeftes. Openbare finansiering sal voorwaardelik daaraan wees dat inrigtings planne vir hulle toekomstige ontwikkeling sal ontwikkel en bewys sal lewer van die vordering wat hulle maak om hierdie doelwitte verwesenlik. Daar sal van inrigtings verwag word om 'n omvattende strategiese plan voor te berei wat sal bestaan uit:

- 'n eiesoortige missie-verklaring
- 'n akademiese ontwikkelingsplan (insluitend driejaarlikse vooruitskouings van studente-inskrywings en graduerings volgens terrein en vlak van studie)
- 'n billikheidsplan
- 'n kapitaalbestuursplan, en
- 'n prestasieverbeteringsplan.

4.62 Die planne sal meetbare doelwitte en teikendatums, ondersteun deur sleutelprestasie-aanwysers, bevat. Die Ministerie, in oorlegpleging met die Raad vir Hoër Onderwys, sal riglyne publiseer vir die ontwikkeling van en verslagdoening oor hierdie planne. Kopieë van die planne sal in besit wees van die inrigting, die Ministerie en die Raad vir Hoër Onderwys.

CONTENTS**INHOUD**

No.		Page No.	Gazette No.	No.		Bladsy No.	Koerant No.
GENERAL NOTICE				ALGEMENE KENNISGEWING			
Education, Department of				Onderwys, Departement van			
General Notice				Algemene Kennisgewing			
1196	Education White Paper 3: A Programme for the Transformation of Higher Education.....	1	18207	1196	Onderwyswitskrif 3: 'n Program vir die Transformasie van Hoër Onderwys	57	18207